

HOOFSTUK 1 INLEIDING EN AGTERGROND

1. Inleiding

1.1 Agtergrond en inleidende opmerkings ten opsigte van studie

1.1.1 My persoonlike werksomstandighede

Ek is 'n predikant in die NG Kerk en is reeds vir twee dekades betrokke by mense en hulle daaglikse probleme. Die laaste veertien jaar is ek aan die NG Gemeente Oudtshoorn-Suid verbonde. Twee derdes van die lidmate woon binne die grense van die dorp en een derde op plase rondom die dorp. Die sosio-ekonomiese omstandighede van die helfte van die lidmate is gemiddeld terwyl die ander nie ekonomies sterk is nie. Laasgenoemde lidmate besit nie hulle eie huise nie, maar huur huise teen baie billike tariewe. Hierdie huurhuise het beskikbaar geword toe voormalige eienaars in meer goeie buurte huise begin koop het en daarheen verhuis het.

Omdat Spoornet 'n groot werkgewer in die dorp was, het baie werknemers huise van Spoornet teen nominale tariewe gehuur.

1.1.2 “Gedwonge” migrasie

Die gemeente het in 1954 tot stand gekom en is bekend as 'n gevestigde gemeente. Gedwonge migrasie het egter 'n negatiewe effek op die leefwyse van die mense gehad. Met “gedwonge” migrasie bedoel ek dat die inwoners van die dorp asook lidmate van die kerk as gevolg van omstandighede, genoodsaak was om binne die dorp van woonplek of woongebied te verander.

Sosiale onsekerheid het as gevolg van die gedwonge migrasie die hele gemeente geraak. Verskeie gebeure het hierdie migrasie meegebring en ek noem enkele.

Die afskaling van Spoornet se werksaamhede het spanning en onsekerheid ten opsigte van stabiele werksverskaffing vir lidmate gebring. Daar was die moontlikheid dat lidmate hulle werk kon verloor en sommige het inderdaad hulle werk verloor. Afgetrede personeel van Spoornet is verskuif na beskikbare woonhuise op afgeleë

plattelandse stasies. Die huise in die dorp waarin hierdie afgetredenes gebly het, is aan privaat persone verkoop.

Die afskaffing van die groepsgebiede wet het op sy beurt meegebring dat huurhuise verkoop is aan persone uit ander bevolkingsgroepe wat vir subsidie gekwalifiseer het. Huurders moes dringend ander en dikwels baie duurder heenkome vind, terwyl persone wat gekant was teen integrasie, hulle huise verkoop het.

Lidmate wat agtergebly het, moes die transformasie maak om met swart en bruin bure saam te leef. Blanke lidmate is geteister deur agterdog dat die waarde van hulle eiendom sou daal.

Die volstruisbedryf het ook 'n ekonomiese afplating beleef. Die verlaagde inkomste uit die volstruisbedryf het bankrotskappe tot gevolg gehad en eens-welvarende boere het hulle in 'n oorlewingstryd bevind. Skole is gesluit en professionele persone het hulle elders gaan vestig.

Die gemeente was self in 'n moeilike ekonomiese situasie en lidmate moes harder werk om die gemeente se voortbestaan te kon verseker.

1.1.3 Sosiale migrasie

Politiese onsekerheid en die gepaardgaande ekonomiese onstabiliteit het sosiale migrasie tot gevolg gehad. Mense het nog in hulle huise gebly, maar het na ander sosiale en religieuse tuistes begin soek. Mede-lidmate het vreemdelinge vir mekaar geword omdat sommiges kerke besoek het waar slegs wit mense toegelaat is, terwyl ander voortgegaan het om by hulle tradisionele gemeentes in te skakel.

Selfs huishoudings het onderlinge verdeeldheid begin ervaar. Waar 'n gesin vroeër tot dieselfde kerk behoort het, het sommige lede van die gesin nou by een kerk of gemeente ingeskakel en ander by 'n ander kerk of gemeente.

In hierdie tyd het die NG Kerk gemeentegrense opgehef en lidmate wat vroeër gedwing was om by die naaste gemeente in te skakel, kon nou by die gemeente van hulle keuse inskakel. Omdat lidmate nou oor grense heen beweeg het na die gemeente van hulle keuse, het die bestaande kleingroepbediening verbrokkel. So kon gemeentelede wat onder druk geleef het, nie genoegsaam versorg word deur

hulle mede-lidmate nie. Kerkraadslede het gesukkel om by lidmate uit te kom, omdat persone nie binne die bestaande wyke gewoon het nie en persoonlike kontak tussen ampsdraers en gemeentelede is bemoeilik.

1.1.4 Pastorale versorging

Die omstandighede wat hierbo genoem is en daaglikse verhale van nood is kenmerkend van die sosiale gemeenskap waarbinne ek werk.

Hierdie verhale het hoë eise aan my as predikant gestel. Ek het my persoonlike tekortkominge en onvermoë besef. Hoe moes ek hierdie ontwortelde mense pastoraal begelei? Die enigste antwoord was persoonlike toerusting as pastorale terapeut. Derhalwe het ek begin met opleiding in pastorale terapie. Ek is opgelei om die narratiewe pastorale gespreksbenadering te gebruik. Narratiewe terapie is veral deur Michael White en David Epston (White & Epston 1990:39-43) ontwikkel.

1.1.4.1 My ontmoeting met Christelike geloofstaal

Terwyl ek besig was met gemeente-pastoraat, het ek agtergekom dat die lidmate "geloofstaal" gebruik om hulle stories te vertel. Ek het in bykans al my terapie-gesprekke waar ek van narratiewe gespreksvoering gebruik gemaak het, beleef hoedat mense met behulp van Christelike geloofstaal, ernstige probleme en probleemareas probeer oorbrug het. In die meeste gevalle het lidmate hierdie taal geïnternaliseerd aangebied. Geïnternaliseerde taal wat veral klem laat val op hoe God, die Bybel en rituele in die Christelike geloofsgemeenskap geestelike en lewensprobleme help hanteer en oplos.

Hierdie skat het my byna verbygegaan. Ek was nog so besig om na die "not-yet-said" (Anderson & Goolishan 1992:37) te soek, dat ek die "said" byna "unsaid" laat verbygaan het.

Een van die eerste persone met wie ek 'n narratiewe pastorale gesprek gevoer het, was Connie. In haar dagboek skryf Connie op Sondag 2 Januarie 2000 die volgende:

"Ek sweef deur die huis. Op vlerke van *geluk* en *vrede*. Hoe? Deur die kragvolle *geloofsinspuiting*. Deur nie my kamer in die oggend te verlaat voordat ek *krag* vind deur *voorgesing* en *gebed* nie. Nee, dit gaan nie

altyd goed nie en jou *geloofsvlerke* laat jou partykeer in die steek, maar as jy *Hom* toelaat, tel *Hy* jou elke keer weer op en gee jou nuwe *krag* ” (my kursivering).

Ek het hierdie skryfwyse as geloofstaal geïdentifiseer. Connie se gebruik van Christelike geloofstaal het my laat besef dat hierdie taal 'n besondere hulpverlenende invloed op haar lewe het. Sy het dit nie net as 'n taal gebruik om haar storie te vertel nie. Hierdie geloofstaal het haar “landskap van aksie” en “landskap van identiteit” (White & Epston 1990) binne haar nood laat ontvou.

Telkemale kom hierdie Christelike geloofstaal en die gerigtheid na vore in die briewe wat Connie geskryf het en ek gee enkele aanhalings.

“Dankie dat u my nader na God gelei het sonder raad en vermanings, eerder deur beskikbaar te wees en inspirasie.”

Sy sê ook:

“Vra elke dag vir die Here krag om jou las met blymoedigheid te dra.... ”

Tydens Bybelstudiegeleenthede, hospitaalbesoeke en krisis- en tuisbesoeke het ek verder agtergekom hoe mense Christelike geloofstaal inspan om oor lyding en nood te praat.

Lidmate verwys na verhale in die Bybel en ander Christelike bronne soos liedereboeke, gedigte, geestelike literatuur en geestelike musiek wat volgens hulle direk bydra tot hulle hantering van nood. Hulle deel hierdie ondervinding ook spontaan met ander gelowiges. In geloofstaal vind hulle lewensantwoorde en geborgenheid wat hulle as spesiaal beleef.

Narratief-terapeuties gebruik lidmate self Christelike geloofstaal as deel van hulle landskap van identiteit om die dominante storie in hulle landskap van aksie te herskryf. So het Connie geloof, gebed en Skrifgedeeltes ingespan om die dominante verhaal in haar lewe te herskryf. Vir meer as twee jaar het sy so die las van Parkinsonsiekte verlig, *sonder* dat die siekte of effekte van die siekte enigsins gewyk het.

In die lig hiervan het ek 'n poging aangewend om meer te wete te kom hoe mense Christelike geloofstaal aanwend in die herskryf van hulle verhale.

In my soeke na voorbeelde hiervan kon ek in die bestaande literatuur nie regtig enigiets kry waar Christelike geloofstaal en die aanwending daarvan beskryf word nie. Veral waar 'n narratiewe gespreksvoering gebruik word, is hierdie leemte opvallend.

Ek het my studiemateriaal deurgewerk en ook van die Unisa-biblioteek ter sake literatuur aangevra en tot dusver nie enige beduidende literatuur gevind nie. Daar is wel bestaande literatuur wat handel oor geloofsmetafore, maar is nie noodwendig relevant ten opsigte van die aanwending van Christelike geloofstaal binne die narratiewe gespreksbenadering nie.

Geloofstaal kom totstand deur onder andere geloofswoorde (God, Vader, Verlosser, Vriend, Trooster, verlossing, sonde, sondaar om enkeles te noem), en geloofsrituele (gebede, doop, nagmaal). Geloofstaal is dus meer as net woord-taal. Daar bestaan 'n verskeidenheid geloofstale wat bedding vind in 'n verskeidenheid geloofstories: die Christelike-storie, die Hindoe-storie, die Moslem-storie is maar net enkele voorbeelde van hierdie stories.

In hierdie studie is ek nuuskierig om meer te wete te kom van die helende gebruike van geloofstaal binne die Christelike storie. Ek wil derhalwe Christelike geloofstaal binne 'n Nederduitse Gereformeerde-storie ondersoek.

1.1.5 Geloofstaal

Geloofstaal is woorde en/of handeling wat gebruik word om verdere betekenis en kennis aan stories se inhoud te verleen (Nicol 2000:175). Geloofstaal lê op die vlak van die religieuse beleving waar kennis en beleving inhoud aan geloofstories verleen. Vir hierdie doel sonder Christen-gelowiges hulle af om deur gebed en met die Bybel in die hand, lig en genesing aan die voete van hulle Verlosser, Jesus Christus te vind.

Uit my pastoraal-terapeutiese betrokkenheid by mense blyk dit dat geloofstaal se inhoud gevorm word vanuit 'n religieuse konteks wat deel uitmaak van christen-gelowiges se lewensverhale.

Herholdt (1998:24) wat met 'n holistiese antropologie werk, gee 'n verdere motivering vir die noodsaaklikheid van navorsing van Christelike geloofstaal binne die konteks van narratiewe terapie: "Within this framework, the dichotomy of body and soul also becomes untenable, for humans are holistically viewed as an integrated whole."

Geloofstaal word vryelik gebruik binne die konteks van nood.

1.1.6 Geloofstaal in lyding binne die sosiale gemeenskap.

Spanningsiektes soos stres, depressie, uitbrandingsindroom en ander siekte-toestande met psigosomatiese gevolge soos hartsiektes, sekere soorte kanker, beroerte, dieetsiektes en moontlike seksuele probleme, is beskrywend van die sosiale gemeenskap (Gerkin 1986:19,20). Ek kan maar net bevestig dat dieselfde dominante siektes ook in die geloofsgemeenskap van Oudtshoorn-Suid voorkom.

Nasorg alleen is nie meer genoegsaam om die dominansie van bogenoemde probleme te verlig nie. Daarom het dit vir my belangrik geword om 'n wyer verstaan van Christelike geloofstaal te probeer kry. My oogmerk met hierdie "wyer verstaan" is om mense te help om self 'n wyer verstaan van hulle lewensverhale en lewensomstandighede te kry. Op hierdie manier sou hulle, op hulle beurt, ook weer ander kon help.

In terapisessies het ek bewus geword van die invloed wat geloofstradisies en die verwoording daarvan in geloofstaal, in mense se lewens het. Onder geloofstradisies verstaan ek gebed, geloofsoefeninge, Bybelstudies, koinonia en in die laaste tyd ook geloofsgenesing. Mense vind in geloofsgenesing nie net ruimte om hulleself uit te druk nie – die "omgee-aard" en die beleving dat hier iets daadwerkliks aan hulle probleem gedoen word, mag dalk as verdere motivering dien om op die vlak van die geloof, genesing te vind.

Daar is mense wat byvoorbeeld Bybelstudiegeleentheid gebruik om oor hulle spesifieke omstandighede en lyding te praat. By sulke geleentheid wil hulle hoor hoe ander mense soortgelyke situasies hanteer en hoe geloofsgenote die Bybel se waarhede binne bepaalde kontekste verwoord. Hulle beleef ondersteuning in die geestelike koinonia. Die verwoording van hulle persoonlike omstandighede en nood in gebed (in Christelike geloofstaal) het skynbaar terapeutiese waarde. Hulle beleef

dat geloofsgenote omgee en dat hulle behoeftes en nood ter harte geneem word. Dalk is dit juis hier waar hulle gehoor word.

Daar is dikwels versoeke van persone wat gebuk gaan onder nood, dat in openbare eredienste vir hulle nood gebid word. Lidmate bid dan ook in hulle persoonlike gebedsoefeninge vir noodlydendes en op hierdie wyse ontstaan 'n netwerk van omgee. In die gemeente word selfs 'n versoeklys van name op die afkondigingslys geplaas, sodat die hele gemeente vir die betrokkenes voorbidding kan doen. Die verwoording van nood in Christelike geloofstaal en die geloof dat Jesus Christus daadwerklik sal help, bied vir die mens in nood terapeutiese ondersteuning.

Omdat navorsing myns insiens meer lig behoort te werp op die omvang en die diepgeworteldheid van Christelike geloofstaal in mense se stories, reken ek dat navorsing hieroor ook 'n kosbare bron kan wees in die herskryf van alternatiewe lewensverhale.

1.2 Noodsaaklikheid van studie

Uit terapeutiese gesprekke het ek tot die besef gekom dat baie mense, meer as wat ek aanvanklik besef het, op een of ander wyse aan 'n geloofsgemeenskap verbind is. Ek doen my pastorale werk binne 'n Christelike en gereformeerde geloofskonteks. Binne hierdie konteks is geloofsgenote se taal meerendeel Christelike geloofstaal. Woorde soos geloof, gebed, vergifnis, vrede, Bybel, God, Jesus Christus, Heilige Gees en verlossing is net so deel van hulle woordeskat soos pyn, lyding, molestering, misbruik, dood, siekte, kanker, vigs, ontrou en elke ander woord wat op ellende wys.

Dit wil selfs voorkom asof geloofstaal nie net binne geloofsgemeenskappe voorkom nie, maar mettertyd deel geword het van wyer sosiale diskoerse. Ek het uit ander gesprekke begin agterkom dat Connie se uniekheid om Christelike geloofstaal in te span, eintlik nie so uniek is nie. Inteendeel, Christelike geloofstaal is 'n verskynsel wat op een of ander manier deel is van die taal van bykans elke kliënt wat gekom het vir terapie. Hoe meer kliënte gekom het vir terapie, hoe meer het ek agtergekome dat dit redelik algemeen by mense is om Christelike geloofstaal te gebruik. Ek sou byna wou praat van Christelike geloofstaal en geloofsmetafore wat 'n universele verskynsel is. Daarom was dit kommerwekkend om te sien hoe min literatuur oor geloofstaal beskikbaar is, veral binne die narratiewe gespreksbenadering.

Kaethe Weingarten (2000), verbonde aan die Universiteit van Harvard, se beklemtoning van geloofstaal het my laat besef dat dit wat ek ondervind binne die Christelike geloofsgemeenskappe van Oudtshoorn, ook op 'n wyse waar is van Amerikaanse gemeenskappe.

Van Huyssteen (2000:7) onderstreep nie net my gewaarwording nie, maar wys op “direkte implikasies” wat geloofstaal het:

“Ek is oortuig van die feit dat Christene in ons tyd – waar ook al in die wêreld – toenemend besef dat geloof direkte implikasies het vir elke aspek en dimensie van ons daaglikse lewens. Dit behoort dus totaal onmoontlik te wees om jou Christenskap te isoleer van jou politiek, kultuur, kuns, seksualiteit, ensovoorts.”

(Van Huyssteen 2000:7)

Christelike geloofstaal kan volgens Van Huyssteen nie geïsoleer word van mense se daaglikse sosiale lewe nie. Daarom wil ek dit waag om te sê dat mense wat my konsulteer, of hulle lidmate van die NG Kerk is of van ander Christelike kerke of selfs aan geen kerk behoort nie, op 'n manier so vertrouwd is met Christelike geloofstaal dat hulle hierdie taal spontaan gebruik om hulle stories te vertel en te herskryf. Hierdie gebruik van Christelike geloofstaal vind nie net plaas in die beoefening van hulle geloof nie, maar juis in die onderlinge sorg en in die herskryf van dominante stories. Die gebruik van geloofstaal speel myns insiens so 'n beduidende rol in mense se lewens, dat ek dink navorsing het noodsaaklik geword.

Omdat ek opgelei word in die gebruik van die narratiewe pastorale gespreksvoering, kan hierdie navorsing my en ander terapeute help om kliënte meer sinvol te begelei in die herskryf van hulle dominante verhale veral sover dit binne die Christelike geloofsgemeenskap plaasvind. Die inklusiwiteit wat deel is van post-moderniteit maak deure oop sodat verskillende geloofsgemeenskappe daarby kan baat. Die kennis wat ek en ander binne die Christelik-Gereformeerde konteks opdoen, kan op 'n sekere wyse ook gebruik word in nie-Gereformeerde of nie-Christelike kontekste en geloofsgemeenskappe.

1.3 Navorsingsvraag

Op grond van bogenoemde inligting is die volgende navorsingsvrae vir die doeleindes van hierdie studie geformuleer:

- Hoe stel 'n NG Kerklidmaat met 'n dominant-gereformeerde spiritualiteit sy/haar geloofstaal in diens om krisisse te hanteer?
- Wat is die inhoud en implikasies van hierdie “indiensstelling” in 'n lidmaat se lewe?

1.3.1 Doelwitte van studie

Ten einde sinvol te kan antwoord op die navorsingsvrae, het ek die volgende doelwitte gestel:

- Om 'n betrokke deelnemer geleentheid te gee om haar lewenservarings met my te deel deur haar storie te vertel.
- Om die gebruik van Christelike geloofstaal soos deur die deelnemer in diens gestel is, in die verwerking en hantering van haar spesifieke probleme, aan te dui.
- Om op grond van haar alternatiewe stories, idees te deel wat ander persone in hulle lyding kan help om hulle stories te herskryf veral deur van hulle geloofstaal gebruik te maak.

1.4 Uiteensetting van studie

Hoofstuk 1 bestaan uit inleidende opmerkings, agtergrond van my persoonlike werksomstandighede en geloofsgemeenskap, my ontmoeting met Christelike geloofstaal, die noodsaaklikheid van die studie, die navorsingsvraag en die doelwitte van die studie.

In **Hoofstuk 2** bespreek ek my teoretiese raamwerk, die praktiese teologie en pastoraat, pastoraal terapeutiese benaderings en die navorsingsbenadering.

Hoofstuk 3 is 'n literatuurstudie oor gereformeerde spiritualiteit.

In **Hoofstuk 4** kom die geloofstaal en stories van my kliënt en die implikasies hiervan vir haar lewe, onder die vergrootglas.

In **Hoofstuk 5** word deur my reflektoring riglyne gegee vir persone in soortgelyke krisisse om deur geloofstaal hulle stories te herskryf, asook die moontlikhede wat Christelike geloofstaal skep vir praktiese teologie en pastoraat.

HOOFSTUK 2: TEORETIESE RAAMWERK EN NAVORSINGSMETODOLOGIE

2.1 Teoretiese raamwerk

2.1.1 Inleidende opmerkings

In hierdie hoofstuk verduidelik ek kortliks my epistemologie en beskryf ek sosiale konstruksie diskoers en die konteks, omdat sosiale konstruksie en die konteks waarbinne dit geskied, my help in my verstaan van hoe die postmoderne mens waarheid beleef. Die praktiese teologie en die pastoraal-terapeutiese uitgangspunte wat gevolg is in hierdie studie, word daarna verduidelik en die hoofstuk sluit af met die navorsingsbenadering.

2.1.1.1 Epistemologie

Epistemologie is die navorsingsvertrekpunt wat aantoon hoe ek oor kennis dink en hoe ek as navorser my studie aanpak. Dill en Kotzé (1997:1) se verduideliking van hoe epistemologie verstaan en hanteer word, beskou ek in hierdie stadium as voldoende. Hulle sê: "Die epistemologie van die postmodernisme (Ek verkies die term post-moderniteit) staan in reaksie tot die standaardwetenskapsbeskouing, maar soek ook na nuwe epistemologiese uitweë (soos die kritiese realisme, holisme, pluralisme, diskoersanalise, hermeneutiek en narratiewe paradigmas).

Appelt (1999:5) verduidelik hoekom dit noodsaaklik is om van die navorser se epistemologie kennis te neem:

"The epistemology or philosophy of the origin, nature and limits of knowledge of the researcher by definition has significant implications on the research procedures and results."

Ek noem enkele van die fasette wat ek van belang ag. Die eerste faset in die bepaling van epistemologie is die sosiale aard van konstruksie waarbinne die postmoderne mens waarheid beleef. Mense konstrueer hulle werklikheid soos hulle elke dag leef, of in Freedman en Combs (1996:23) se woorde: "A central tenet of the postmodern worldview ... is that beliefs, law, social customs, habits of dress and diet – all the things that make up the psychological fabric of 'reality' – arise through social interaction over time."

Hierdie **sosiale** aspek word verduidelik in die sosiale konstruksie diskoers.

2.1.1.2 Sosiale konstruksiediskoers

Freedman en Combs (1996:27) beskryf sosiale konstruksiediskoers as 'n "social interpretation and the inter-subjective influence of language, family, and culture; on how people interact to construct, modify and maintain what their society holds true, real and meaningful". In kort, alle kennis asook alles wat as waarheid voorgehou word, word sosiaal gekonstrueer. In plaas van een enkele absolute waarheid as vertrekpunt, verstaan ek binne post-moderniteit dat ons in 'n wêreld leef met verskeie "waarhede" en verskeie sosiale relasies wat gevorm word deur die "brille" van die samelewing (Hoffman 1990:1).

Ons kyk deur hierdie brille na die werklikheid en kom algaande tot verskillende maniere van die verstaan van werklikheid. 'n Voorbeeld van sulke brille is ondermeer geloof, waardes en norme. Hierdie werklikhede kom tot stand in taal. Kliënte se verstaan van hulle werklikheid kry gestalte in hulle gebruik van Christelike geloofstaal.

Kotzé & Kotzé (1997:27) som sosiale konstruksie diskoers as volg op:

"Sosiale konstruksie diskoers is 'n postmoderne benadering wat 'n betekenisvolle epistemologie bied vir terapieë wat gesprek as metode om mense te help, gebruik. Kennis word gesien as die gevolg van 'n sosiale konstruksie-proses en nie as die objektiewe beskrywing van eksterne realiteite nie. Taal bied die parameters vir beide ons verstaan en ons ervaring."

So gesien verstaan ek "sosiale" soos wat 'n mens in hierdie wêreld leef. In hierdie "leef" vind sosiale interaksie plaas en word meervoudige waarhede gekonstrueer. Waarhede is derhalwe die resultaat van sosiale prosesse wat tussen mense ontwikkel. Mense doen dit saam en gebruik taal om hierdie waarhede uit te druk (Kogan & Gale 1997:102).

Waarom vind ek aanklank by die sosiale konstruksiediskoers? Freedman en Combs (1996) bied na my mening 'n antwoord op hierdie vraag: "Adopting a postmodern,

narrative, social constructionist worldview offers useful ideas about how power, knowledge, and 'truth' are negotiated in families and larger cultural aggregations.”

Freedman en Combs (1996:22) verduidelik die teorie van sosiale konstruksie aan die hand van drie idees: “Realities are socially constructed, ... (realities) are constituted through language, ... (realities) are organized and maintained through narrative.”

Sosiale konstruksie poog om te verklaar hoe dit gebeur dat idees, praktyke, geloof en soortgelyke waardes waarheidstatus in 'n gegewe sosiale groep het. Uit gesprekke met kliënte, blyk dat Christelike geloofstaal waarheidstatus vir hulle het.

Sosiale konstruksiediskoers help my om die invloed en gebruik van Christelike geloofstaal beter te verstaan – die mens word nie verstaan as net 'n objek nie, maar 'n sosiale wese wat sy/haar lewe, geloof en die beoefening van sy/haar geloof binne sosiale relasies konstrueer en in taal verwoord. Die mens se sosiale lewe en relasies geskied binne 'n spesifieke konteks.

2.1.1.3 Die konteks

Die spesifieke konteks (Roux 1996:12) waarin 'n mens se sosiale lewe en relasies geskied, beïnvloed mense en hulle verstaan van die werklikheid. In hierdie navorsingsprojek speel die konteks, by name die religieuse konteks en mense se verhouding met God, 'n belangrike rol. Om hierdie konteks van nader te kan bekyk, verg dat ek my prakties-teologiese voorveronderstelling binne 'n spesifieke pastorale benadering posisioneer.

2.2 Praktiese teologie en pastoraat

Dit word geredelik aanvaar dat die mens in 'n netwerk van relasies betrokke is en dat sy/haar lewe deur sy/haar verhoudings bepaal word (Roux 1996:12). So word sy/haar verhouding met God byvoorbeeld in sy/haar spiritualiteit weerspieël (Jonker 1991:20). Hierdie spiritualiteit vind neerslag in Christelike geloofstaal en in die sosiale konstruksie van Christelike tradisies. In die konteks van die NG Gemeentes in Oudtshoorn se Christelike tradisies neem gereformeerde teologie 'n pertinente plek in. Omdat gereformerdheid dui op 'n bepaalde epistemologie ten opsigte van spiritualiteit, wil ek spesifiek aandag gee aan gereformerdheid en die gebruik van Christelike geloofstaal.

Gereformeerde wat dikwels vanaf 'n absolute basis beoefen word, loop dieselfde gevaar as modernisme in soverre net een waarheid geld. Die gevaar van een waarheid is daarin geleë dat die "sola scriptura"-beginsel so verdedig kan word dat net een Skrifbeskouing en een hermeneutiek aanvaar word. Hierdie hele beginsel verduidelik ek later meer volledig in hoofstuk 3.

2.2.1 Prakties-teologiese vertrekpunt

Wanneer ek my voorkeur ten opsigte van praktiese teologie uitspel, is ek deeglik bewus daarvan dat ek in my eie selfgesprek ewolusionêr op pad is en nog nie gearriveer het nie. My eie spiritualiteit, my belewenis van die beweging van die Heilige Gees, en my Skrifbeskouing is deur die konfessies van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en studie aan teologiese seminariëms gevorm. Binne die konteks van post-moderniteit het ek bewus geword van kontekstuele interpretasies en ander maniere om kennis van God te bekom. Ander maniere veronderstel dat naas die gereformeerde spiritualiteit daar ook alternatiewe vorme van Christelike spiritualiteit bestaan.

In my prakties-teologiese uitgangspunte sal die kruisbestywing van die post-moderne beskouing duideliker word. Die wins van hierdie kruisbestywing kan help dat die marginalisering van die mens tot 'n objek, in 'n meerdere mate voorkom kan word. In die praktiese teologie en in besonder pastoraat, is die mensbeskouing van kardinale belang. Trouens, gereformeerde teologie het in die verlede dalk te eksklusief met God en die mens omgegaan. So het Louw (1999:126) hierdie modernistiese tendens uitgewys in sy bespreking van die konfessionele benadering waar hy sê dat die Skrif regulatief, normatief en preskriptief figureer.

Die eksklusiwiteit van 'n enkele, duidelik-omlynde praktiese teologie in die post-moderne era sou die verkryging van kennis en kennis van die werklikheid as sodanig, verskraal. Daarom wil ek sulke eksklusiwiteit vermy deur die veelvuldigheid van spiritualiteit te inkorporeer.

Heitink (1998:156) se bydrae tot die debat van praktiese teologie se funksionering in die post-moderne benadering, is 'n voorbeeld van so 'n kruisbestygende gesprek in die praktiese teologie. De Jongh van Arkel (2000:9) som Heitink se siening as volg op:

“Heitink's (Heitink 1998:156) linking of postmodern religiosity (which is directed toward wholeness, integration and spirituality) with personal meaning and the narrative approach (personal narrative: my story), gives a wonderful summary of our present situation.”

Ek noem enkele benaderings om die huidige debat in die praktiese teologie aan te duid. In hierdie debat word uit verskillende hoeke na praktiese teologie en die hantering daarvan gekyk.

Praktiese teologie wil myns insiens vanuit God se Woord en handeling, op die praktyk van die mens en sy/haar daaglikse lewe inwerk. Die verskillende benaderings in praktiese teologie wil elkeen die "hoe" van God se handeling definieer.

Louw (1993:74) skryf: "...die navorsing van CW Burger (1998:84) oor die stand van praktiese teologie in Suid-Afrika identifiseer drie basiese benaderinge: 'n **konfessionele** (my beklemtoning) benadering wat vashou aan die Skrif as die enigste kenbron; 'n **korrelatiewe** (my beklemtoning) benadering wat die insigte van die Skrif in verband wil bring met die empiriese insigte uit die sekulêre wetenskappe en 'n **kontekstuele** (my beklemtoning) benadering wat aansluiting by die situasie soek en deur middel van 'n situasie-analise konkrete verandering wil genereer.” Omdat elke benadering met 'n eie definisie werk, gaan ek al drie hierdie benaderings in kort verduidelik.

2.2.2 Konfessionele benadering

Volgens die konfessionele benadering is die Skrif die enigste norm en kenbron "wat regulatief, normatief en preskriptief ... figureer" (Louw 1999:126). Die "regulatiewe, normatiewe en preskriptiewe" kenmerke van die konfessionele benadering word weerspieël in die belydenisskrifte en doktrines van die NG Kerk. Die absoluutheid van die reformatoriese tradisie maak ruimte of respek vir alternatiewe haas onmoontlik. Teen hierdie agtergrond is Appelt (1999:10) se kritiek op die konfessionele benadering geldig: "It has only one perspective on truth and does not go into conversation with other discourses."

Heitink (1979:11) verwys na die konfessionele benadering se reduktiewe Skrifhantering en antropologie as volg: "Het spreken over de mens in reformatorische kring ... wekt meer dan eens de indruk dat het over een heel andere mens gaat dan de hele mens in zijn relaties...."

Om konfessie eksklusief te verstaan, het tot gevolg dat pastorale werk - een van die akademiese bane van die vakdissipline praktiese teologie - op 'n verskraalde basis bedryf word. Ek wil nie konfessies eksklusief hanteer nie, want dan sou ek meedoen aan die verskraling van die kennis van waarheid.

Ek sou andersyds ook nie wou sien dat die konfessie van 'n bepaalde geloofsgemeenskap buite rekening gelaat word nie. Selfs al is hierdie konfessie nie Christelik of gereformeerd nie, maar baie beperkend, bly dit 'n bepaalde konfessie van 'n bepaalde geloofsgemeenskap. Daardie geloofsgemeenskap se tradisies is deur die sosiale konstrakte van die bepaalde konfessies gevorm en oefen invloed uit op daardie mense se leefwêreld en sy/haar verstaan van die werklikheid.

Nogtans het ek bedenkinge ten opsigte van die konfessionele benadering. Ander benaderings het ook kennis van die werklikheid net soos wat die konfessionele benadering bepaalde kennis van die werklikheid het. Die konfessies het deur die jare wel sekere inhoud aan Christelike geloofstaal en spiritualiteit gegee. Post-moderniteit beklemtoon die bestaan van meer as een werklikheid en dit word op 'n sekere wyse deur pluralisme duideliker verwoord.

Pluralisme wil beklemtoon dat die Christelike taal maar een van die vele tale vir interpretasie is en nie die enigste legitieme taal nie (Gerkin 1986:15). Eweso verteenwoordig 'n konfessionele benadering een van baie tale en het dit derhalwe plek in die prakties-teologiese debat.

Horisonne behoort verskuif te word om die psigologiese en relasionele heil, soos in die praktyk verwoord, ook in praktiese teologie te akkommodeer (Gerkin 1986:20). Tog reken Gerkin (1986:20), en ek stem met hom saam, dat pastorale sorg in die praktiese teologie begrond moet wees: "The practical theology to be constructed is, methodologically speaking, best termed a narrative hermeneutical practical theology." Daarmee dring Gerkin daarop aan dat die konfessionele benadering ruimte sal maak vir 'n praktiese teologie wat narratiewe aspekte sowel as

hermeneutiese aspekte insluit. Ek verstaan daarmee dat Gerkin reken die konfessionele benadering in praktiese teologie is te eksklusief.

Dit bring my by die korrelatiewe benadering waarin pluralisme en die konteks van die praktyk waarbinne die mens elke dag leef, duideliker omskryf word.

2.2.3. Korrelatiewe en kommunikatiewe benadering

Firet (1987) het begin om met die kennis en insigte van die sekulêre wetenskappe en spesifiek die bydraes van psigologie, die praktiese teologie te verryk en het die weg gebaan vir 'n korrelatiewe benadering.

Die korrelatiewe benadering wil die Skrif as kenbron gebruik, maar in korrelasie tussen teorie en praxis. Teorie word gesien as die geordende kennis wat verkry is deur waarneming en refleksie terwyl praxis die integrasie van denke en handeling op voorbewuste en voor-reflektiewe vlak is (Louw 1993:75). Pieterse (1990:8) sê dat 'n fyner nuanse in die **korrelatiewe benadering** ontwikkel het en noem dit die **kommunikatiewe handelingsteorie**. Volgens hierdie teorie bestudeer praktiese teologie die geloofsdade van mense.

Pieterse (1991:42) verduidelik:

“In 'n neutredop bedoel Habermas met kommunikatiewe handeling die ideale omgang van mense met mekaar. In kommunikatiewe handeling word altyd drie werklikheids-domeine in die oog gehou: die *objektiewe werklikheid* van dinge en gebeurtenisse, die *sosiale werklikheid* van geldende waardes en norme, en die *subjektiewe werklikheid* van intensies, behoeftes en gevoelens.”

Kommunikatiewe handeling plaas klem op die veronderstelling dat mense voortdurend met mekaar kommunikeer. “In die geloofsmilieu raak dit die optrede en relasies tussen geloofsgenote, sowel as gebed, hulle getuienis en hulle belydenisse” (Pieterse 1991:46). In hierdie benadering, sê Louw (1993:75,76), is die wesenlike gevaar van sintese tussen God en mens asof dit gelyksoortige pole is. Die geloofspraktyke van die mens word net so 'n belangrike rolspeler soos die Skrif as die kenbron van die teologie.

Louw (1993:75,76) vervolg:

“Om te voorkom dat die handelingswetenskaplike benadering te veel klem op die menslike handeling plaas en die handeling van God in Christus deur die Gees op die agtergrond geskuif word, wil 'n korrelatiewe benadering vashou aan die sindimensie van die handeling.”

Hoewel die Bybel as bron erken word, word ruimte gelaat vir verryking op grond van ervaring van geloof en vir nie-teologiese wetenskappe (Wolfaardt 1992:10). Sou die handeling van mens en God op dieselfde vlak geplaas word, maak die gebruik van Christelike geloofstaal in die herskryf van die dominante storie, nie sin nie. Die mens se handeling sou dan tot 'n heilsvlak verhef word en God sou sy/haar gelyke wees. Ek kry die gevoel dat waar mense Christelike geloofstaal gebruik, hulle juis 'n “opkyk na God” in gedagte het. As God hulle gelyke sou wees, waarom sou hulle dan na Hom wou opsien?

Appelt (1999:11) se kritiek op hierdie benadering verwoord my eie gevoel: “From a social-construction viewpoint this approach can be criticised for not looking at the meaning given to **faith** (my klem), constituted in a certain context....” Sodra geloof en Christelike geloofstaal misken word, word die mens se menswees gereduseer.

Omdat geloof 'n wesenlike deel uitmaak van die sosiale fasset van Oudtshoorn-Suid se lidmate, kan ek my nie berus by hierdie benadering nie. Juis omdat geloof vir my beteken dat God almagtig is en in sy liefde na my as mens neerbuig en my in sy liefde wil akkommodeer. Daardie akkommodasie kulmineer in Jesus se kruisdood en sy opstanding uit die dood. Daarin word sy heilswerk nie net duidelik gemaak nie, maar word dit 'n realiteit wat my lewe herskep, ook daardie dominante stories wat my lewe bemoeilik.

Ek gee toe dat die korrelatiewe benadering 'n bydrae lewer in die skep van alternatiewe waarheid en vir kommunikasie en handeling. Tog dink ek dat die Skrif as kenbron sodanige plek in die praktiese teologie inneem dat hierdie waarheid nooit gerelativeer mag word in ons soeke na die “hoe” van God se heilshandeling in die praxis nie.

Hierdie benadering laat my wel besef dat in die geloofsgemeenskap en in die Christen se storie, ander momente van die waarheid na vore kom. God is by die

mens in sy/haar handeling betrokke en hierdie handeling geskied binne 'n konkrete wêreld wat in kort die “konteks” genoem word. Ek wil daarom die praktyk en die konteks waarbinne die mens leef, soos Wolfaardt (1992) dit verstaan, en waarbinne gelowiges hulle geloof en hulle lewe ervaar, toelig deur die bespreking van die kontekstuele benadering.

2.2.4 Kontekstuele benadering

Die sosiale konstruksiediskoers wat ek in hierdie studie gebruik, beklemtoon die belangrikheid van die konteks. Sosiale konstruksie werk met die gedagte van 'n meervoud van waarhede. Hierdie meervoudige waarhede, ook bekend as pluraliteit, vorm in die kontekstuele benadering die basis om die mens se sosiale ervaring en interaksie te beklemtoon.

As daar een eis is wat voortdurend aan praktiese teologie gestel word, dan is dit om relevant, digby die praktyk, te bly (Wolfaardt 1993:6). Kuitert, sou dan volgens Wolfaardt aandui dat kontekstuele teologie anders is as ander akademiese teologieë – dat kontekstuele teologie die samelewingskonteks waarin dit beweeg, interpreteer, wil verander en nie net wil oproep tot aksie vir verandering nie, maar ook modelle wil lewer vir die “hoe” van die verandering. Die konteks waarbinne die storie gebeur, kry 'n plek in praktiese teologie (Poling & Miller 1985:62). Die mens is 'n sosiale wese wat waarheid binne relasies en binne 'n konteks beleef. Die konteks is nie net geleë in die geloofsgemeenskap nie, maar maak deel uit van die groter sosiale gemeenskap.

Wie hierdie benadering steun, steun die gedagte dat nie net kennis van die teologie belangrik is nie, maar ook kennis van die situasie. Uiteindelik moet die situasie tog ook verander word. In 'n kontekstuele benadering word die gerigtheid verskuif vanaf die kerk na die wêreld en Skrifhantering wissel van selektiewe benutting tot 'n meer fundamentele rol (Wolfaardt 1992:12).

Aan die ander kant is die bedoeling ook nie om die religieuse gemeenskap van minder belang te ag nie. Volgens sosiale konstruksie is die sosiale gemeenskap en die geloofsgemeenskap in interaksie met mekaar. Die Bybel kan derhalwe nie die enigste norm wees nie omdat daar ook waarheid in die individu (Christen) se storie is.

“Praktiese teologie wat vanuit die kontekstuele benadering werk, wil geloof en lewe binne die Christelike gemeenskap met mekaar verbind. Hierdie benadering verskil van die korrelatiewe benadering deurdat dit ten doel het om sosiale verandering teweeg te bring.”

(Wolfaardt 1992:6)

'n Kontekstuele benadering het dus 'n oop kant wat uitloop in die inwerking van teologie op die sosiale praxis om terapeutiese verandering te bewerk.

Louw (1993:76,77) sê dat hierdie benadering hoofsaaklik gebruik maak van die eduktiewe metode, met ander woorde, deur waarneming en die verandering van die sosiale praxis, sonder om noodwendig tot een enkele teorie te kom.

2.2.5 My posisionering binne die praktiese teologie

Ek vind myself tuis binne die gereformeerde tradisie waarin die "sola scriptura"-beginsel onderskryf word met die Skrif as kenbron en norm. Ek is opgelei binne die konteks van gereformeerde spiritualiteit. Ek glo nie dat God se Woord bedoel is om gelykgestel te word aan die sosiale konteks nie. Die Bybel is wel baie duidelik op die sosiale gerig, maar verhef nie die sosiale tot gelyke status met God se Woord nie. Sosiale transformasie is 'n Bybelse opdrag en die mens was nog nooit vir die Bybel en dus ook nog nooit vir God tweederangs nie. Trouens Christus se kruisdood is die duidelikste bewys daarvan dat die mens vir God Drie-enig allerbelangrik is (Johannes:16).

Die Bybel beklemtoon sy eie plek as norm en praktiese teologie behoort deeglik daarmee rekening te hou. Volgens die "sola scriptura"-beginsel word die woorde van 2 Timoteus 3:16 die norm: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk." (NAV 1992).

In my beoefening van praktiese teologie kry ek as predikant dikwels te doen met mense wat in nood verkeer. As praktiese teoloog vorm pastorale sorg deel van my verantwoordelikhede.

Dat daar 'n eksklusiwiteit in die konfessionele benadering bestaan, is nie te betwyfel nie. Die antropologie word verskraal en die hermeneutiek waarmee die konfessionele benadering die “sola scriptura” ontsluit, laat nie ruimte vir ander hermeneutiese beginsels nie. Post-moderniteit werk verhelderend in op die gereformeerde tradisie en nuwe deure is oopgemaak, wat ek later meer volledig sal bespreek in die hoofstuk oor gereformeerde spiritualiteit.

Gerkin (1986:22) se narratiewe-hermeneutiese praktiese teologie bied vir my die mees sinvolle oplossing in die post-moderne milieu en sluit by die epistemologie van hierdie studie aan.

Die woord hermeneutiek verwys na die manier waarop betekenis oorgedra word in die kommunikasieproses. Praktiese teologie wil hermeneuties die betekenis van die evangelie vir die mens in sy/haar wêreld verklaar, sodat die mens in sy/haar geloof kan groei. As hermeneutiese wetenskap, sê Louw (1993:71), is praktiese teologie die vertolkingsgebeure van die verbondsmatige ontmoeting tussen God en die mens soos in die Skrif weergegee. Daarvolgens is die primêre objek van praktiese teologie die aard, doel en struktuur van die God-mens-interaksie.

Gerkin (1986:61) trek die waarheidsbeginsel van Louw verder deur na die lewe van die Christen as hy sê: “Practical theology, seen from a narrative hermeneutical perspective, involves a process of the interpretive fusion of horizons of meaning embodied in the Christian narrative with other horizons that inform and shape perceptions in the various arenas of activity in which Christians participate.”

Praktiese teologie soos Gerkin (1986:61) dit sien, is 'n dialoog tussen praxis en teorie met teorie die Skrif en praxis die praktyk waarbinne die gelowige figureer. Die Heilige Gees bewerk dan die transformasie of vernuwing om lyding na gesonde omstandighede te verander. Die mens aan die anderkant ontvang hierdie transformasie.

Gerkin (1986:52) verstaan ook dat persone se stories binne kontekste en milieus in 'n voortdurende hermeneutiese proses betrokke is: “By means of stories of the self and of the world around us we hold together events, persons, and experiences.... To be a person is therefore to live a story.”

Die transformasie deur die Heilige Gees en die bewys daarvan in mense se lewens, word hanteer onder die vakdissipline pastoraat of pastorale sorg en verduidelik ek my epistemologie ten opsigte van pastorale sorg.

2.2.6 Pastorale sorg

Volgens De Jongh van Arkel (2000:9) bestaan pastorale sorg uit verskillende onderskeidings met pastorale terapie as die intensiewe vorm van pastorale sorg. God se betrokkenheid by die nood van mense word deur pastorale terapie beliggaam, of wat De Jongh van Arkel (2000:9) as pastoraat (pastorale sorg) definieer:

“Pastoral care is now understood as a ministry of the faith community which reminds members of God's scattered people that they are remembered.”

Daar is verskillende maniere hoe pastorale sorg beoefen word. Praktiese teologie wil deur pastorale terapie die heil wat Christus bewerk het, binne die konteks van die Christen se leefwêreld laat “gebeur”. Hierdie heilshandelinge van Christus is die basis van pastorale terapie. Die "hoe" van pastorale terapie het in verskillende terapeutiese benaderings beslag gekry.

2.3 Pastoraal terapeutiese benaderings

Binne die raamwerk van die praktiese teologie word die handelende God en sy betrokkenheid by die mens in nood geïnterpreteer.

Ek het van Louw (1999) se navorsing gebruik gemaak waarin hy twee pastorale benaderings naamlik die **eduktiewe relasionele** en **kerugmatiese benaderings** redelik volledig bespreek. In hierdie benaderings is die antropologie van belang. Die terapeut se mensbeskouing, so glo ek, sal sy/haar keuse van 'n terapeutiese benadering help bepaal. Dit is ook hoe Louw dit sien:

“Omdat die pastorale bediening wesenlik om die bediening aan *mense* gaan, word enige beleid en strategie finaal bepaal deur die grondliggende beskouing oor die mens.”

(Louw 1999:152)

Aldus Louw (1999:153) staan Heitink die marginalisering van die mens sterk teë en besef hy die behoefte aan 'n uitgebreide antropologie vir die pastorale teologie. Ek haal Louw (1999:153,154) aan:

“Omdat alle vorme van hulpverlening op die mens gerig is, is dit vir Heitink noodsaaklik dat, ter wille van 'n meer uitgebreide antropologie, daar kennis vanuit ander geesteswetenskappe oor die mens gekombineer moet word met 'n Bybelse kyk op die mens.”

Heitink wil met sy bi-polêre model die mens en die Bybel met mekaar in 'n nouer verband bring - op so 'n wyse dat die mens en die mensbeskouing nie verskraal word nie, meen Louw.

Psigologiese reduksie vind veral plaas in die kerugmatiese model van Thurneysen. Volgens Louw (1999:160) word die kerugmatiese model oorheers deur die gereformeerde siening dat die mens *simul justus et peccator* (tegelyk regverdig en sondaar) is. Die mens se heil lê buite hom-/haarself.

Teenoor die kerugmatiese model se psigologiese reduksie, vind teologiese reduksie juis in die eduktiewe relasiemodel plaas. Hiltner het by Rogers aangesluit in die ontwikkeling van 'n kliëntgesentreerde pastorale terapie. Die mens se eie potensiaal word die kragbron (Louw 1999:163). In Louw se woorde:

“Die voorveronderstelde raamwerk is 'n positiewe mensbeeld wat in terme van die kennis vanuit die empiriese wetenskappe, gebruik maak van die sogenaamde 'goeie' eienskappe van die mens.”

Clinebell (1984:25) sluit volgens Louw (1999:163) by Hiltner aan met sy "holistic liberation-growth model of pastoral care". Pastorale sorg en terapie behels die bemagtiging van persone sodat groei en genesing in individue en hulle verhoudings kan plaasvind.

In kort is die eduktiewe model meer eties ingestel en is die antropologie nie werklik Bybels gefundeer nie. Die inhoud van begrippe soos regverdigmaking, heiligmaking en selfs genesing en versoening word hoofsaaklik op die vlak van die psigologie hanteer (Louw 1989:12). Die wins van hierdie benadering lê daarin dat die mens se gees en liggaam groter erkenning en begrip ontvang.

Louw (1989:8) sê:

“Die verskeie perspektiewe verbreed die kennisvelde rondom die mens en bring mee dat 'n multi-dissiplinêre spanbenadering die effektiwiteit van die menslike versorging binne alle fasette van sy bestaan verhoog. “

Ook die kritiese bespreking van die verskillende benaderings kan oorvereenvoudig word. Louw (1999:8) meen dat die probleem ”is dat dit maklik die uitgangspunte van 'n model kan oorvereenvoudig en dus nie reg aan die ... totale beskouing laat geskied nie.”

Ek volstaan met bogenoemde opmerkings omdat beide die eduktiewe relasionele benadering en die kerugmatiese benadering, myns insiens definitiewe winspunte het wat 'n mens daarvan weerhou om met 'n verskraalde antropologie te werk.

Gerkin (Louw 1999:164) dra by tot 'n beter verstaan van die mens en het met sy hermeneutiese paradigma 'n redelike verskuiwing in pastorale terapie gebring. Gerkin (1984:19) wil nie terugkeer na die kerugmatiese eensydigheid nie en stel “a hermeneutical theory of pastoral counselling” voor. Die kenbron van so 'n hermeneutiese benadering is die mens binne verhoudinge en sy/haar daaglikse ervarings. Die lewensverhaal word verweef tot 'n narratiewe eenheid. Die mens beskryf sy lewensverhaal in taal en hierdie lewensverhaal is een van relasies wat nie net 'n mens-tot-mens-relasie is nie, maar ook 'n verhouding tussen God en mens (Oates 1974:11).

Daarom is dit te verstane dat 'n benadering geskep is wat met die mens binne sy relasies werk, maar waar die kliënt ook toegelaat word “...to be the experts of their lives and to co-determine the content of therapeutic conversations” (Appelt 1999:15). Hierdie werkwyse word gebruik in die narratiewe gespreksbenadering.

Narratiewe terapie is 'n gespreksbenadering wat binne 'n narratiewe hermeneutiese pastoraat gebruik word. Die implikasie hiervan is dat die geloofsgemeenskap en die betrokke relasies erken word. Die mens is nie net 'n heilsobjek nie, maar 'n definitiewe persoon wat die praktyk van elke dag interpreteer en sy lewe volgens die sosiale relasies inkleef. Sy verhaal word verweef deur die sosiale konstrakte binne die geloofsgemeenskap.

Louw (1999:166) beskryf die narratiewe benadering as volg:

“Hierdie relasie-georiënteerde, holistiese terapie (*narratiewe terapie* – my invoeging) werk met ... die menslike wese ... in die proses van selfverwesenliking wat binne relasies en die sosiale milieu ‘n kenbron vir die pastorale bediening vorm en oor terapeutiese materiaal beskik wat die mens kan help tot ‘n herintegrasie van sy/haar bestaan.”

Die narratiewe gespreksbenadering het baie moontlikhede oopgesluit en terapie op ‘n heel ander vlak geplaas, wat nie net die antropologie verruim nie, maar die kliënt bemagtig in die proses van terapie en ek verduidelik dit graag in my bespreking van narratiewe terapie.

Wat sou narratiewe terapie dan behels?

2.3.1 Narratiewe terapie

2.3.1.1 Die narratiewe terapie-benadering

Narratiewe terapie werk met die stories van mense. White en Epston (1990) het met gesinsterapie hierdie gespreksbenadering ontwikkel. White (1989:7) het besef dat mense eerder by hul probleme aanpas en nie weet dat hulle oor die nodige kundigheid beskik om hulle eie probleme op te los nie. Terapie bestaan daarin dat die kliënt deur gespreksvoering gehelp word om met die aanwending van sekere vorige ervarings in sy/haar lewe, probleme, blokkasies of dominante stories uit die weg te ruim. In die proses soek terapeut en kliënt saam na alternatiewe stories.

White (White & Epston 1990:15) wat ‘n groot bydrae gelewer het in die totstandkoming van narratiewe gespreksvoering, verduidelik hoe narratiewe terapie werk:

“When persons seek therapy, an acceptable outcome would be the identification or generation of alternative stories that enable them to perform new meanings, bringing with them desired possibilities – new meanings that persons will experience as more helpful, satisfying, and open-ended.”

Narratiewe terapie wil holisties met die mens saamwerk en al die terreine van sy/haar lewe betrek. Omdat die kliënte met wie ek werk, soos ek, van die Skrif as

kenbron afhanklik is, glo ek dat terapie as intensiewe sorg eweneens van die Skrif as kenbron afhanklik is. Vervolgens verduidelik ek hoe ek pastorale terapie binne die dissipline van praktiese teologie sien.

2.3.1.2 Die pastoraal-narratiewe terapie-benadering

Narratiewe pastorale terapie werk binne post-moderniteit met meer as net 'n holistiese antropologie. Narratiewe pastorale terapie begin by die heilswerk van Christus en wil hierdie heil in diens stel om helend op die totale lewe van die mens in te werk (Gerkin 1986:73-74). Die mens word erken en behandel as 'n unieke individu wat binne sosiale relasies leef. Die mens se regmatige plek en sy/haar menswees en uniekheid word gerespekteer. Daar word nie *met* 'n mens gewerk nie, maar *saam* met hom/haar.

Op 'n manier moet die mens en sy/haar sosiale relasies geïnterpreteer word. Gerkin, soos hierbo aangedui, het aan hierdie benadering inhoud gegee.

2.3.1.3 Die pastoraal-narratiewe hermeneutiese terapie

Gerkin (1986:22) wil met pastorale sorg of pastoraat en dus ook met pastorale terapie as die intensiewe vorm van pastorale sorg, tot in die praktyk van die individuele daaglikse lewe kom. Hy begrond pastoraat in die praktiese teologie en noem sy benadering narratief-hermeneutiese praktiese teologie. Hy beskryf pastoraat as die besef "that the concern of God for the total existence of God's people is acknowledged and taken into account". Daarvoor is die pastor 'n gids van die hermeneutiese proses en doen die pastor pastorale sorg vanuit die narratief-hermeneutiese benadering (1986:102).

"Thus the pastoral guide listens ... to consider with the person what it means to be an individual living within the limits of a historical life cycle while yet being held within the mystery of what it means to be an individual child of God."

(Gerkin 1986:110)

Volgens Gerkin (1986:110) reageer die mens op die aksies van God deur eie interpretasies. Omdat mense God se aksies interpreteer, moet die pastor die geïnterpreteerde weergawe op sy/haar beurt interpreteer, omdat gebeure in 'n relasie, beide in tyd en in geskiedenis staan.

Pastoraal-narratiewe hermeneutiese terapie het dus te doen met stories van mense wat binne 'n situasie plaasvind en deur die verteller geïnterpreteer word. Die stories gebeur nie in 'n lugleegte nie, maar in 'n sekere konteks waar relasies van belang is. Pastoraal-narratiewe hermeneutiese terapie wil binne hierdie sosiale konstruksie gebeur.

Die ervarings wat mense het, word die basis waarop hulle hul stories konstrueer en hierdie stories vorm weer die lewe van mense. Die vraag is hoe pastorale hermeneutiese narratiewe terapie in mense se lewe 'n proses begin om die alternatiewe storie te laat gebeur, of soos Parry (1991:45) dit stel: "to restore his-story".

2.3.1.4 Die handeling van pastoraal-narratiewe hermeneutiese terapie

Narratiewe terapie het 'n menigte heilsame elemente om mense te begelei. Hierdie benadering leen sig daartoe om met enige mens op enige plek terapie aan die gang te sit. Hierdie handeling verloop soos 'n nimmereindigende spiraal wat die kliënt as "kenner" (Anderson & Goolishian 1992:29) van sy/haar eie lewe tot alternatiewe betekenis lei en help om voortdurend besig te bly om alternatiewe stories te genereer.

Omdat die individu kenner van sy/haar lewe is, hoef die terapeut nie meer analities mense se probleme te ontleed en patologies voorskriftelik te werk nie. Diagnoses, teoretiese "privileged knowledge" en beterseterigheid maak plek vir dekonstruksie en ko-konstruksie waar terapeut en kliënt vennote word in die helingsproses. Die terapeut se eie afleidings word nie normatief aangewend en as ekspert-waarheid ingespan nie.

Die narratiewe gespreksbenadering word binne pastorale sorg gebruik om die kliënt en die terapeut se gesprek met God gestalte te laat kry. Die kliënt en terapeut rekonstrueer 'n alternatiewe storie waarin God se Woord ook aan die woord kom. Die Woord van God en die werking van die Heilige Gees vorm die hoofmomente in die herskryf van die lewensverhaal. Appelt (1999:15) se verwysing na die terapie as "creating the space for those seeking help to choose to make God's transformative power in their lives more visible and to be guided by His Word if so desired", is sekerlik beskrywend genoeg.

Die terapeut se “ekspert”-kennis is geleë in sy/haar gespreksvaardighede. In terapie is dit nodig om saam met die kliënt na die kliënt se werklikheid te kyk. Om dit te kan doen word van dekonstruksie gebruik gemaak. Deur dekonstruksie word maniere ontgin om die verhaal van die kliënt verskillend te vertel. Die “hoe” van dekonstruksie in pastorale narratiewe hermeneutiese terapie is belangrik en daarom wil ek net eers verduidelik hoe die konsep van dekonstruksie werk.

Kotzé en Kotzé (1997:35-37) noem dat Derrida die konsep “dekonstruksie” ontwikkel het. White (1995:95) het met behulp van “dekonstruksie” gehelp om 'n nuwe dimensie aan terapie te verleen. Hy wend dekonstruksie aan om "unique outcomes" te vind. "Unique outcomes" se werking word as volg deur White (White & Epston 1990:15) beskryf:

“A great deal of lived experience inevitably fall outside of the dominant stories about the lives and relationships of persons. Those aspects of life experience that fall outside of the dominant story provide a rich and fertile source for the generation, re-generation, of alternative stories.”

Hierdie "unique outcomes" word gebruik in die herskryf van die dominante verhaal. Terapeut en kliënt bou saam aan die narratief en in die proses word spesifieke vraagstelling deur die terapeut gebruik. Die terapeut vra spesifiek vrae oor gebeure wat nie inpas by die dominante verhaal nie om op hierdie manier by sekere glinstermomente uit te kom. Hierdie sogenaamde “unique outcomes” word dan aangewend om die kliënt te help om alternatiewe verhale te skryf (White 1997:3).

Dekonstruksie behels die vertel van die dominante verhaal op so 'n manier dat die sosiale relasies en die wyse hoe hierdie verhaal waarheidstatus verwerf het, duidelik word. Terapie eindig nie in dekonstruksie nie. Trouens, die waarde van dekonstruksie lê in die voortgang van die proses om rekonstruksie en die ko-konstruksie van 'n alternatiewe verhaal te verwesenlik. So word narratiewe terapie aan die gang gesit. Christelike geloofstaal, soos aangewend deur kliënte binne die Christelike konteks, kan juis 'n belangrike deel word van hierdie "unique outcomes" of kan in sigself "unique outcomes" wees. Connie het 'n nuwe storie begin skryf deur die gebruik van “geloof en gebed”.

Pastoraal-narratiewe hermeneutiese terapie help om beperkinge en magte wat negatief inwerk op die kliënt se lewe, in gesprek met God se Woord, te verminder. Terselfdertyd word alternatiewe kennis van sosiale gemeenskappe en sosiale

diskoerse, in diens gestel om die kliënt wat die kenner van sy/haar eie lewe is, in staat te stel om dominante probleme opnuut te bekyk en so sy/haar storie te herskryf.

Pastoraal-narratiewe hermeneutiese terapie erken God se Woord en God se leiding deur sy Woord. Dit is juis hier waar die gebruik van Christelike geloofstaal deur 'n groot persentasie van kliënte my opgeval het en ek na die belangrikheid daarvan begin vra het. Christelike geloofstaal wys heen na die Bybel as kenbron en pastoraal-narratiewe hermeneutiese terapie wil hierdie aspek nie gering skat nie. Die post-moderne diskoers gee aan Christene die geleentheid om nie meer so gemarginaliseerd te wees as wat met die konfessionele benadering en die kerugmatiese model die geval was nie. Laasgenoemde benaderings het die mens tot 'n sondige objek gereduseer. Hoe onderskei pastoraal-narratiewe hermeneutiese terapie sig van ander benaderings?

De Jongh van Arkel (2000:12) beskryf die onderskeidende kenmerke van pastoraal-narratiewe hermeneutiese terapie soos volg:

“The shift towards a distinctive congregational counselling has been enhanced by a gradual movement away from analytical and strongly diagnostic methodological approaches in pastoral models toward linguistic and narrative methods of counselling.”

Die individuele mens en sy/haar menswees word in 'n groter mate erken. Mense kan nou self 'n bydrae lewer in die heropbou van hulle eie stories en selfs die nodige inisiatief neem. Pastoraal-narratiewe hermeneutiese terapie bemagtig “gewone” mense in die funksie wat hulle het om mekaar te versorg (De Jongh van Arkel 2000:13).

Die gebruik van Christelike geloofstaal vind juis byval in die onderlinge sorg tussen individue. Gebedsgeleenthede het 'n heilsame effek en word dikwels gebruik om in gebedstaal mense se stories te verwoord en 'n proses aan die gang te sit om 'n hartseer storie te herskryf.

Die pastor is saam met die kliënt besig om na sy/haar storie te luister. Hierdie storie bestaan dikwels uit ingewikkelde intriges, "plots and counterplots", verskillende temas wat in mekaar verweef is, 'n lewensnetwerk van kompleksiteit. Die storie self is 'n interpretasie van ondervindings en belewenisse (Gerkin 1984:26).

Opsommenderwys sê McClean (1997:17):

“A narrative approach to therapy seeks to collaboratively re-author the person's self-narrative into a more liberating and positive life-story.”

Die teoretiese raamwerk is beskryf sodat die navorsingsvertrekpunt duidelik kan wees. Die vertrekpunt bepaal die werkwyse van die navorser. Vervolgens wil ek graag my navorsingsbenadering aandui.

2.4 Navorsingsbenadering

2.4.1 Inleidende opmerkings

Dreyer (1998:1) merk tereg op:

“Anyone who wants to conduct empirical research has to choose from a vast array of research paradigms, strategies, methods and techniques embedded in different methatheoretical and theoretical frameworks.”

Daarom: Ek bestudeer die werklikheid soos wat mense dit beleef, deeglik bewus daarvan dat my vertrekpunt die hantering van mense en die interpretasie van materiaal gaan beïnvloed. Ek het bepaalde voorveronderstellings wat weergegee word en ek motiveer op watter wyse dit 'n rol speel en hoe dit my navorsing en ander se hantering van my navorsing kan beïnvloed.

Ek doen my navorsing vanuit 'n post-moderne invalshoek. Die sosiale konstruksie diskoers, narratiewe hermeneutiese praktiese teologie en pastoraal narratiewe hermeneutiese terapie vorm die navorsingsuitgangspunt. 'n Keuse vir 'n postmoderne navorsingsmetode word gemaak omdat ek reken dat 'n modernistiese en 'n gepaardgaande objektivistiese benadering reduserend ten opsigte van die verstaan en verkryging van kennis is. Ek is van mening dat 'n postmoderne benadering die tendens van een absolute waarheid, soos gevind in die modernisme, uitbrei tot 'n plurale werklikheid met meer waarhede. Mense beleef verskillende waarhede in verskillende situasies en hierdie waarhede word onder andere in Christelike geloofstaal uitgedruk.

Ek wou nie verstrengel raak in 'n magdom algemene waarhede nie, maar wou my beperk tot die “waarheid” binne 'n vasgestelde konteks en soos deur die individu

beleef. Daarom het ek volstaan met 'n kwalitatiewe studie waarin my medenavorser, Connie, haar storie vertel.

2.4.2 Kwalitatiewe navorsing

Kwalitatiewe navorsing verskil van die algemene navorsingspraktyk. Die algemene navorsingspraktyk versamel kennis wat afkomstig is van verskillende individue of groepe, en meesal word hierdie kennis gekombineer om 'n algemene waarheid te vind (Stringer 1999:179).

“Qualitative researchers use semiotics, narrative, content, discourse, archival, and phonemic analysis, even statistics. They also draw upon and utilize the approaches, methods, and techniques of ethnomethodology, phenomenology, hermeneutics, feminism, rhizomatics, deconstructionism, ethnographies, interviews, psychoanalysis, cultural studies, survey research, and participant observation. “

(Denzin & Lincoln 1994:3)

Ek onderskryf hierdie siening van Denzin en Lincoln. In my navorsing is op verskillende maniere kennis bekom. Gesprekke, vrae, interpretasies en dekonstruksies oor geloofsbelewingsstories, is aangewend in die soeke na kennis. Die kliënt se keuse van hoe sy die kennis wou oordra, het voorrang geniet. Behalwe vir gesprekke het sy veral verkies om haar refleksie op skrif te stel en ek het dit gerespekteer.

Kwalitatiewe navorsing maak gebruik van verskillende dissiplines se velde en tegnieke. Denzin en Lincoln (1994:3) se opsomming is verduidelikend: "Qualitative research is many things at the same time. It is multiparadigmatic in focus."

2.4.2.1 Kwalitatiewe navorsing: Gevalle studies

Kwalitatiewe navorsing in die postmoderne milieu, besef hoeveel waarheid in die individu se storie opgesluit lê. Die individu se storie word gebruik om kennis vanuit sy verhaal te versamel. Kliënte se stories het my gemotiveer om juis van 'n gevallestudie gebruik te maak. Gevallestudies is gewoon navorsing met die klem op 'n enkele geval. Die navorser werk met 'n individu saam en op verskillende maniere word die individu se verhaal nagevors. Die individu se verhaal word tot die

maksimum benut om waarheid te konstrueer en ook 'n alternatiewe verhaal te rekonstrueer. Stake (1994:236) het gevallestudie so beskryf: "... (a)s a form of research, case study is defined by interest in individual cases, not by the methods of inquiry used." Gevallestudie word gebruik "... because it draws the attention to the question of what specifically can be learned from the single case" (Stake 1994:236).

Wat was daar spesifiek wat ek opgemerk het in my navorsingsgenoot se verhaal? Connie het Christelike geloofstaal gebruik om haar verhaal te vertel. Sy het in die herskryf van haar lewensverhaal spesifiek Christelike geloofstaal gebruik. Meer nog, sy gebruik Christelike geloofstaal om haar lewe sinvol te leef, terwyl Parkinsonsiekte haar lewe domineer. Depressie en gesinsspanning was ook deel van die dominante verhaal.

Ons weet almal uit eie ondervinding dat daar baie mense is wat met een of ander dominante probleem worstel. Sulke persone kan uit hierdie individu se unieke hantering van haar siekte, sekere kennis oorneem.

Sy kom uit 'n gereformeerde geloofsmilieu. Gereformeerde spiritualiteit het tot 'n groot mate haar geloofstaal help vorm. In ons land is daar baie persone met dieselfde sosiale belewenisse. Daarom wou ek soveel moontlike kennis uit hierdie enkele gevallestudie bekom. "The researcher temporarily subordinates other curiosities so that the case may reveal its story" (Stake 1994:237).

Connie se storie ten opsigte van Christelike geloofstaal is nagevors en daarom vervolgens 'n verduideliking hoe narratiewe navorsing 'n relevante vertrekpunt vir hierdie studie was.

2.4.3 Narratiewe navorsing (kliënte se stories)

Gedagtig aan wat Clandinin en Connelly (1991:260) sê, behoort narratiewe navorsing tot 'n wyer vlak van verstaan van kennis: "Narrative as research method is ... less a matter of the application of a scholarly technique to understanding phenomena than it is a matter of 'entering into' the phenomena and partaking of them."

Ek het gebruik gemaak van een mens se stories. Ek het saam met Connie 'n deelnemer aan 'n proses geword. In hierdie proses kon ek vanuit haar stories en die

herskryf van die dominante stories, die gebruik van Christelike geloofstaal beleef en beskryf.

Enige navorser is daarvan bewus dat daar 'n sekere dualisme in die praxis van individue bestaan omdat hulle enersyds hulle stories binne 'n situasie en konteks ervaar en andersyds op hulle stories reflekteer wanneer die stories vertel word. Clandinin & Connelly (1991:265) stel dit so: "A person is, at once, then, engaged in living, telling, retelling, and reliving stories." In die navorsing is deur vrae voortdurend seker gemaak hoe Connie haar storie beleef en hoe sy dit interpreteer. Dit het verseker dat 'n sinvolle refleksie aan die einde gedoen kon word.

2.4.4 Literatuurstudie: Gereformeerde spiritualiteit

Tydens my gesprekke met Connie het ons tot die besef gekom dat haar gebruik van Christelike geloofstaal ten nouste saamhang met haar gereformeerde spiritualiteit en dit was my motivering waarom ek 'n hoofstuk gewy het aan 'n literatuurstudie waarin gereformeerde spiritualiteit meer volledig bespreek word. Sien hoofstuk 3.

Die Christelike geloofstaal van die NG Gemeente Oudtshoorn-Suid is deur die jare deur gereformeerde spiritualiteit gevorm en vasgelê en dieselfde geld van my eie lewe en opleiding.

Binne die gereformeerde teologie word uiteraard lang debatte gevoer oor presies wat gereformeerde spiritualiteit is. Ek het my egter beperk tot die eiesoortigheid van gereformeerde spiritualiteit, veral soos dit in 'n onlangse debat deur twee eksponente, by name Smit (1989) en Jonker (1989) bespreek is. Enkele kritiese opmerkings van Nicol (2000) is bygewerk. Dit is nie vir my moontlik om binne die bestek van hierdie kwalitatiewe studie al die konfessionele verskille en strominge binne gereformeerde spiritualiteit in detail te bespreek nie.

Dit bring my by die manier waarop ek met die betrokke medenavorser en haar storie omgegaan het. Die navorsingsprosedure en etiese aksies in dié verband kom vervolgens onder die loep.

2.4.5 Navorsingsprosedure

Die kliënt is die ekspert van haar lewe en haar kennis van haar situasie geniet voorkeur. Deur die gebruik van die narratiewe gespreksbenadering, het ek die

vaardighede waaroor die kliënt beskik, saam met haar gedekonstrueer. In die herskryf van haar nuwe storie het ons deur ko-konstruksie die gebruik van Christelike geloofstaal duidelik onderskei.

Die kennis is ingesamel deur die vrae wat aan die kliënt gerig is en haar antwoorde daarop. Die vrae was myns insiens 'n prominente deel van die narratiewe mikrokaarte tot my beskikking om die gebruik en effek van Christelike geloofstaal te ondersoek. Die vrae het ons gehelp om vas te stel watter invloed Christelike geloofstaal op haar lewe het. Vrae het ook gehelp om die verskillende stories in haar lewe te laat ontvou. Die vrae en navorsing het op so wyse geskied dat die inligting geëksternaliseer is (White & Epston 1990:55).

Tydens die navorsing het ek voortdurend etiese praktyke in die oog probeer hou. Ek het deur middel van briewe, mondelinge- en skriftelike ooreenkomste die navorsingsproses en die hantering van inligting bespreek en gekontrakteer. Die proses het my bygestaan om probleme soos Watson (1996:9) dit stel, te vermy: "Questions which require data about people's lives, feelings and attitudes produce ethical problems that can prevent proposed research from being carried out, or published."

Gedurende die navorsingsproses het ek probeer rekening hou met die kliënt en haar insette nie net te waardeer nie, maar om haar geleentheid te bied om die materiaal deur te werk en by te voeg wat sy as belangrik beskou.

Ten laaste volg 'n refleksie op die nagevorste materiaal.

HOOFSTUK 3 GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT

3.1 Gereformeerde spiritualiteit: Inleidend

Ek het telkemale verwys na die gereformeerde spiritualiteit van die sosiale gemeenskap van Oudtshoorn en daarom wil ek in 'n kort bespreking verduidelik wat ek onder gereformeerde spiritualiteit verstaan soos wat dit funksioneer in die NG Kerk van Oudtshoorn-Suid. Ek wil ook aantoon op watter wyse gereformeerde spiritualiteit die denke en dade van die terapeut en die kliënt beïnvloed en help vorm het. Dit is veral op die basis van gereformeerde spiritualiteit dat die gebruik van Christelike geloofstaal verstaan moet word, want Christelike geloofstaal in die NG Gemeente Oudtshoorn-Suid is sosiaal gekonstrueer binne die konteks van gereformeerde spiritualiteit.

Die hoofstuk dien hoofsaaklik as agtergrondskets om die konteks, waarbinne ek na mense se nood luister, beter te kan verstaan.

Vir bykans twintig jaar bedien ek gemeentes met 'n gereformeerde spiritualiteit. Die gemiddelde lidmaat in die NG Kerk word reeds vanaf sy/haar doop op die ouderdom van 'n paar maande blootgestel aan gereformeerde spiritualiteit. Tydens openbare belydenis van geloof, belof voornemende lidmate om in hierdie belydenis te volhard en leringe wat hiervan afwyk, te verwerp. Die meeste lidmate ken bykans nie 'n ander spiritualiteit nie. In terapie, waar ek van die narratiewe gespreksbenadering gebruik maak, vind ek dat lidmate se geloofstaal deur gereformeerde spiritualiteit gevorm is.

Eksel self is deur jare se blootstelling binne my religieuse sosiale konteks deur gereformeerde spiritualiteit beïnvloed. Gedurende my sewejaar-teologiese opleiding waarvan die laaste vier jaar aan een van die NG Kerk se teologiese seminariums, is ek intensief opgelei in gereformeerde spiritualiteit. Daarom is my eie geloofstaal nie net Christelike geloofstaal nie, maar spesifiek gereformeerd-christelike geloofstaal. Ek sien gereformeerde spiritualiteit as 'n gegewe van my gemeenskap en kan die invloed daarvan op my en ander se Christelike geloofstaal nie ignoreer sonder dat dit 'n reduserende effek sal hê nie.

Daarom is dit nodig om die begrip "spiritualiteit" en die gestaltes daarvan te bespreek. My oogmerk is om aan te toon dat spiritualiteit 'n persoonlike verhouding en omgang met God behels. Daarna wil ek gereformeerde spiritualiteit bespreek onder die volgende afdelings: godsdienstige handeling, God Drie-enig, vroomheid,

die genadekarakter, geloofsbeleving en blydskap en die koninkryk. Hierdie aspekte behandel die kernmomente van gereformeerde spiritualiteit.

Ten slotte gee ek 'n kort samevatting. Hierin maak ek gebruik van Nicol se refleksie op die begrip spiritualiteit. Nicol (2000:181) het in reaksie op Smit en Jonker se debat wat hieronder bespreek word, kommentaar gelewer vanuit 'n post-moderne benadering. Ek sluit die hoofstuk af met my eie reflektering.

3.1.1 Algemene agtergrond van die begrip “spiritualiteit”

Spiritualiteit word in die omgangstaal gebruik as sinoniem vir begrippe soos toewyding, aanbidding, mistiek, innerlikheid, vroomheid, godsdienstigheid of sommer die geestelike lewe in geheel. Geloofstaal, op sy beurt, moet verstaan word binne die breër begrip van spiritualiteit (Smit 1989:85).

Jonker (1989:288) verstaan onder die term spiritualiteit die beoefening van omgang met God in gebed, meditasie, geestelike dissipline en 'n geheiligde lewenswandel. Hy verkies om te praat van geloofsbeleving, geloofservaring, geloofsbeoefening en geloofspraktyk.

Die term spiritualiteit word vandag gebruik met verskillende gemeenskaplike konnotasies. Een so 'n konnotasie is 'n nie-materiële konnotasie. Daarvolgens wil dit voorkom asof spiritualiteit te doen het met die onsienlike, die mistieke, selfs die misterieuse. Wanneer mense oor spiritualiteit in 'n godsdienstige sin praat, dink hulle eerder aan daardie sake wat nie gesien of aan gevat kan word nie. Dit handel oor die sake wat met die geestelike en religieuse aspekte van menswees te doen het.

In die christelike tradisie gebruik mense die woord spiritualiteit dikwels om 'n innerlike, egte godsdienstigheid uit te druk. Daar is ook persone wat spiritualiteit wil onderskei van kerklike godsdienstige reëls en uitwendige gebruike. Dit is egter moeilik om presies te verstaan hoe mense hulle spiritualiteit kan ontwikkel los van hulle kerklike konfessies. Op een of ander manier kan hulle verstaan van sekere vorme van spiritualiteit, juis teruggevoer word na hulle ontwikkelingsjare toe hulle in die konfessies van hulle kerk opgevoed is.

Die saak waaroor dit in spiritualiteit gaan, het volgens Smit (1989:85) en ook Jones, Wainright & Yarnold (1986:592) in die onlangse jare weer belangstelling begin ontlok.

Binne hierdie nuwe belangstellingsvelde word die saak van spiritualiteit beskryf as die kombinasie van gebed en lewe of die vormgewing van geloof in die alledaagse lewe.

3.1.2 Gestaltes van spiritualiteit

Spiritualiteit betrek drie aspekte van die mens se lewe naamlik sy/haar verhouding met God, die vormgewing van sy/haar geloof en die verhouding tot die wêreld. So gesien, gee spiritualiteit gestalte in die elke dag se lewe van 'n mens.

Hierdie opvatting sluit aan by Luther se gedagte om *coram Deo* (voor die aangesig van God) te lewe (Smit 1989:85). Spiritualiteit gee gestalte aan die gelowige mens se innerlike of persoonlike ervaring van God, en hoe hierdie ervaring die lewe van gelowiges stempel. In die gereformeerde tradisie, het dit bekend gestaan as die praktyk van godsaligheid (Jonker 1989:289).

Smit (1989:86) onderskei drie *gestaltes* van spiritualiteit wat vir hierdie studie van belang is. Hy praat *eerstens* van 'n algemene wydverbreide geloofsgestalte wat kerklike inskakeling, die Skrif en gebed insluit. Hierdie elemente word deur die meeste Christene as noodsaaklik ervaar vir geloofsbeoefening en word as sulks in die gemeente beoefen.

Die *tweede* gestalte het te make met elke mens en sy/haar individuele en persoonlike omgang met God. Hierdie innerlike spiritualiteit is persoonlik en nie bedoel om toeganklik te wees vir ander nie. Dit kan verskil van individu tot individu. Daarom is dit ook nie kategoriees beskryfbaar nie.

Die *derde* gestalte van spiritualiteit sluit die verskillende vroomheidstipes in. Binne die gereformeerde lewe het meer as een tipe vroomheid gevestig geraak. Elke tipe vroomheid het spesifieke gebruike wat verskil van dié van ander en in die omgang met God het die spiritualiteit 'n eie vroomheidsgestalte of vorm aangeneem. Hierdie vroomheidstipes en die wyse waarop geloof beleef word, word bespreek onder die kenmerkende aspekte van gereformeerde spiritualiteit.

In die 1983-vertaling word die Griekse woord *eusebeia* met “toewyding” of “diens aan God” vertaal. Jonker (1991:13) voel sterk daarvoor dat die omskrywing “wandel met God” ‘n beter sinoniem vir spiritualiteit is.

“Die begrip ‘spiritualiteit’ verwys na die *subjektiewe* kant, die *belewenis-* of *ervaringskant* van die religie, na die lewe met God, die omgang met God, die wandel met God. Dit het te doen met die geloofsbeleving, die geloofservaring, die geloofsbeoefening en die geloofspraktyk.”

(Jonker 1991:14)

Dit is noodsaaklik om die drie aspekte te onderskei wat vir alle gestaltes van spiritualiteit wesenlik is: “...die aspek van die *persoonlike verhouding van die mens tot God*; die aspek van die *gemeenskaplike omgang van die gelowiges met God en met mekaar*; en die aspek van die *praktiese uitlewing van die geloof in die wêreld*” (Jonker 1991:14).

Elke mens lewe sy/haar persoonlike lewe en elke mens se eie aard, geskiedenis en geloofstradisie onderstreep dat spiritualiteit uniekhede bevat wat deur die individu ingekleur word. Party mense sal meer koud en klinies wees, terwyl ander minder gereserveerd sal wees en ekspressief hulle godsdiens sal beoefen. Party sal spontaan hulle geloofsgetuienis uitleef, terwyl ander ‘n stille vroomheid sal handhaaf.

3.1.3 Spiritualiteit: ‘n Persoonlike én gemeenskaplike verhouding

Volgens Jonker (1991:14) openbaar mense dikwels “‘n verlange na die persoonlike wandel met God, na die vreugde wat geleë is in die omgang met God in lofprysing, aanbidding en gebed”. As enkeling neem die gelowige ‘n beslissing voor God. Dieselfde gelowige skakel ook in by die gemeenskap met ander gelowiges. Die gemeenskap van gelowiges bied vir die individu ‘n geestelike tuiste.

Vir Jonker (1991:16) is die omsien na mekaar, die opbou van mekaar, die vermaning van mekaar, wesenlik aan die soort spiritualiteit wat die Nuwe Testament op oog het volgens Hebreërs 10:24-25.

Smit (1989:91-92) gaan verder en beskryf ook die faktore wat ‘n rol speel in die spiritualiteit van mense. Hy noem faktore soos die sosiaal-historiese, die lewens- en wêreldbeskouing van mense, etos, die kulturele, die politiek en die sosiale psige.

Allerlei “nie-teologiese” faktore het ‘n invloed op die spiritualiteit wat in die kerk of Christelike gemeenskap voorkom. Konteks en spiritualiteit is onlosmaaklik aan mekaar verbonde.

Jonker (1991:17) stem saam dat spiritualiteit ‘n kontekstuele karakter dra. Die invloed van God se openbaring in Christus kry binne die konteks gestalte. So kom Christus se heilswerk binne die konteks van die sosiale relasies sigbaar na vore.

Kerke en denominasies poog om gemeentelêde sover te kry dat hulle hul spiritualiteit volgens die bepaalde kerk of denominasie se interpretasie van die Bybel rig. Derhalwe moet ‘n bepaalde kerk of geloofsgemeenskap se spiritualiteit aan die hand van daardie gemeenskap se doktrines en konfessies getoets word. Die konfessie word sigbaar in die praktyk en konteks van die alledaagse lewe.

3.1.4 Spiritualiteit: Omgang met God en ‘n sosiale bewoëndheid

Bybelse spiritualiteit rus op twee pilare naamlik die persoonlike wandel met God en sosiale bewoëndheid. Hierdie bewoëndheid is gerig op die bevordering van ware godsvrug. Calvyn se werke adem ‘n gees van vroomheid en diepe eerbied vir God. Veral gebed neem ‘n belangrike plek in by Calvyn.

Sentraal in die sosiale konteks is die (Bybelse!) eis vir menswaardigheid en geregtigheid. Binne-in die hart van ons meer teoretiese, teologiese besinning oor kultuur en geloof, wetenskap en teologie, moet die pas ook aangegee word deur die Bybelse verwerping van alle vorme van diskriminasie, hetsy rassisme, seksisme of heteroseksisme. Die Bybelse uitdaging is om spore van God se teenwoordigheid in alle moontlike terreine van ons lewens te herken. Die grootste teologiese fout wat die kerk myns insiens sou kon maak, is dus om ons lewens te kompartementaliseer: indien God werklik die Skepper van alles en almal op aarde is, dan is alle dimensies van ons lewens verbind deur die vraag na God, en die soeke na geregtigheid op elke vlak.

3.2 Gereformeerde spiritualiteit binne die NG Kerk

Gereformeerde spiritualiteit dra ‘n unieke karakter waarvan die volle kompleksiteit moeilik onder woorde gebring kan word. Gereformerdheid het in die loop van die geskiedenis net te veel verskillende en selfs uiteenlopende gestaltes aangeneem.

Twee teoloë, by name Jonker en Smit, het hulle verstaan van gereformeerde spiritualiteit in die NGTT (1988 en 1989) weergegee.

In hierdie debat het Jonker die *inhoudelike* van gereformeerde spiritualiteit beklemtoon, terwyl Smit meer aandag aan *formele analises* van gereformeerde spiritualiteit gegee het.

Smit (1989:83) sê onder meer dat die definisie van gereformeerde spiritualiteit “deur en deur *subjektief, perspektiwies, kontekstueel*” (sy kursivering) is. Hierdie beskrywing is relevant aangesien gereformeerde spiritualiteit myns insiens ‘n plek in die hedendaagse soeke na kennis en waarheid het. Binne die post-moderne verstaan van kennis en waarheid in die praktiese teologie en ook in die pastoraat, kan gereformeerde spiritualiteit ‘n verrykende bydrae lewer.

Terselfdertyd kan die proses van uitsuiwering en verryking nie ‘n plaasvervanger wees vir Christelike en gereformeerde spiritualiteit nie. Smit (1989:85) meen hierdie proses moet eintlik dien as inspirasie vir spiritualiteit.

Waar in die geskiedenis kry ‘n mens die tipe vroomheid/spiritualiteit waarvan met goeie reg gesê kan word dat dit egte normatiewe gereformeerde vroomheid/spiritualiteit is? Selfs binne die gereformeerde tradisie bestaan ‘n veelvoud van tradisies (Smit 1988:182). Gereformeerde spiritualiteit het eiesoortige vertrekpunte soos die ‘sola scriptura’-beginsel wat die fondament vorm van die teologiese besinning. Daarvolgens is die Skrif die *enigste* kenbron.

Vanuit hierdie ‘sola-scriptura’-beginsel het ‘n verskeidenheid gereformeerde tradisies ontstaan, en sal ek in hierdie literatuurstudie my beperk tot die Nederduitse Gereformeerde tradisie. Een van die redes vir die verskeidenheid van tradisies is dat gereformeerde spiritualiteit oor ‘n tydperk van vier eeue sy beslag gekry het. Gereformeerde spiritualiteit het verskillende tydperke deurloop wat die pre-moderne tydperk, die moderne tydperk en nou ook die post-moderne tydperk insluit.

Hierdie uiteenlopende tydperke maak ‘n enkele definisie van gereformeerde spiritualiteit moeilik en derhalwe is dit nodig om te kyk hoe godsdienstige handeling in die gereformeerde konteks sy beslag gekry het.

3.2.1 Godsdienstige handeling

Op die vraag watter godsdienstige handeling *sentraal* staan binne die gereformeerde spiritualiteit, antwoord Smit (1988:183) dat dit die “gemeentelike godsdiensoefening en die huis – en/of persoonlike godsdiensoefening” is. Hierdie spiritualiteit het nie oral dieselfde inhoud of gestalte gehad nie. Die hoofmomente is die Bybel, gebed, lering, sakramente en ‘n lewe van die soeke na God se wil. Smit (1988:187) stel dit as volg:

“[D]ie samelewingsverband (die openbare invloed van die gemeente, die rol van Gods wil en wet in die publieke lewe, die transformerende invloed van die evangelie in die hele bestaan van die samelewing ...) speel ‘n baie groot rol. Wie die gereformeerde spiritualiteit wil verstaan, moet hierdie verweefdheid tussen vroomheid en organiese lewensverbande ernstig opneem. Die gereformeerde spiritualiteit neem nie die gelowiges weg uit die wêreld nie, maar plaas hulle volledig, en saam met mekaar, binne die alledaagse lewe...”

Die geloofshandeling is sosiaal gekonstrueer deur die verstaan van wie God is. Gereformeerdes interpreteer die Bybel se Godsleer so dat God Homself as die Drie-enige God openbaar.

3.2.2 God Drie-enig

Die mens het voortdurend kontak met die lewende Drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees. Smit (1988:187-188) sê die aanwesigheid van die lewende Drie-enige God saam met sy mag en sy wil toon die mens se skuld, nietigheid, afhanklikheid en nood aan. Die lewenshouding wat pas by die mense se skuld en nietigheid, is nederigheid, afhanklikheid en dankbaarheid. God roep die mens op tot gehoorsame diens en navolging. Gehoorsame diens en navolging kulmineer in die eer wat aan die Drie-enige God gebring word.

Hierdie eerbetoning bring ons by die tweede belangrike kenmerk van gereformeerde spiritualiteit naamlik die ‘*solī Deo gloria*’-beginsel. Die religieuse motief wat hiermee te make het, is die eer van God alleen. God, die Vader as die eerste persoon van die Drie-enige God, se eer is een van die belangrikste aspekte in die godsdienstige handeling.

God die Heilige Gees oftewel die derde Persoon in die goddelike Drie-eenheid, se betrokkenheid by die mens word verstaan as die term 'gereformeerde' verstaan word. Gereformeerde, in die woorde van Smit (1988:189), beteken: "volgens die eise van die Woord." So gesien, spreek die Heilige Gees deur die Bybel en maak op dié manier God se wil bekend. Hierdie spreek vind plaas in prediking, onderrig, en sakramente. Godsdienst, met klem op die rasionele, word van groter belang gereken as die innerlike ervaring. Gehoorsaamheid aan God bly die hoogste doel en vind plaas onder Christus se heerskap.

Christus voer heerskappy oor die hele lewe van die mens. Die hoofdeel van 'n gelowige se lewe bestaan daarin dat die mens voor die aangesig van God lewe. God wil nie net siele red nie, maar wil 'n heilige gemeenskap vestig wat sy naam op die hele aarde verheerlik (Smit 1988:191). Die verheerliking van God vind plaas in die vroomheid van gelowiges.

3.2.3 Vroomheid

Dogma is in die gereformeerde spiritualiteit belangrik en minder klem word op die belewenis geplaas. Die leer van die soewereiniteit van God, die leer van die verlossing uit genade alleen en die leer van die uitverkiesing tesame met die leer van die verbond is die diepte-dimensie van gereformeerde spiritualiteit (Jonker 1989:291).

Daar is wel plek vir die belewenis. Die vreugde in die gelowige se lewe is daar waar hy/sy vanuit die duisternis die lig binne beweeg en bewus is daarvan dat hy/sy 'n geloofsoorgawe aan God maak.

"Wie die gereformeerdes beter ken en hulle van binne uit verstaan, weet egter dat 'n gereformeerde Christen nie *per se* minder vroom as ander Christene is nie, hoewel hy op 'n ander manier vroom is. Onder die sober en stoer uiterlike en beskroomdheid om veel oor sy eie geestelike lewe te praat, lê daar by die egte gereformeerde mens 'n diepe eksistensiële betrokkenheid by die dinge wat hy glo. Sy vroomheid ...is gereformeerde vroomheid ... en (hy) weet alte goed van die onuitspreeklike vreugde van die hart in God en sy guns, al is hy minder uitbundig in sy ervaring daarvan."

(Jonker 1989:291)

“Daarom kan daar ook in die gereformeerde spiritualiteit soveel aksent gelê word op die noodsaaklikheid van die subjektiewe heilstoeëning wat deur en deur die werk van die (Heilige) Gees is, maar waarby die mens se verantwoordelikheid en geloofskeuse ten volle ingeskakel word.”

(Jonker 1989:293)

Die wesenlike van gereformeerde spiritualiteit is die besef dat dit primêr om God gaan. Die eer van God, die verheerliking van God, die aanbidding en lofprysing van God is die hoofsaak - mense verkeer voor die aangesig van God deur sy genade. Hulle verkeer op so 'n manier voor God dat daar weggekyk word van die self om in aanbidding en verwondering hul totaal op God te rig, omdat Hy die voorwerp van hulle liefde is.

Volgens die evangelie van genade, sê Jonker (1989:294), is dit nie die mens wat deur sy toewyding of selfprysgawe 'n toegang tot God soek nie, maar dit is God wat in sy uitverkiesende liefde Homself reeds in Christus aan die mens geskenk het. Dit vervul die mens met heilige ontsag voor God se genade en teenwoordigheid, maar gee ook aan gelowiges die moed om as mense voor God te staan in dankbare beaming van God se beloftes en om te rus in sy guns. Daarom sê Jonker (1989:295), word die hele lewe *coram Deo* geleef.

Die opvatting van die kerk as heilsinstituut word verander in die kerk as gemeenskap van die gelowiges. Gereformeerde spiritualiteit roep gelowiges op tot soberheid en eenvoud in die kerk en in die erediens. Die eenvoud wil beklemtoon dat die mens deur genade alleen (*sola gratia*) lewe. God se genade in Jesus Christus en veral deur sy kruisdood gee sin en inhoud aan die lewe van die gelowige in die besonder, maar ook aan elke mens in die algemeen.

3.2.4 Genadekarakter

Die klassieke nagmaalsformulier van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het die lewe van genade soos volg beskryf: “Dat ons nie na die nagmaal van die Here kom omdat ons meen dat ons in onself sonder sonde is nie, maar *omdat ons ons lewe buite onself in Christus soek*, (my kursivering) en juis so erken dat ons midde in die dood lê” (NG Kerk Handboek 1988:91). Dit beteken volgens Jonker (1989:295) dat die heil vir die gereformeerdes nie iets is wat in die eerste instansie in hulself subjektief aanwesig is nie, maar wel in Christus veilig en vas lê. Die fokuspunt van

gereformeerde spiritualiteit is nie die eie geloof of bekering nie, maar die vrye genade van God (Jonker 1989:295).

Gereformeerde spiritualiteit word in Jonker (1989:296) se woorde beskryf as geloofsvroomheid en nie ervaringsvroomheid nie. Die lewe uit genade hef nie die verantwoordelikheid van die mens op nie, trouens genade beklemtoon die verantwoordelikheid om in die geloof aan God gehoorsaam te wees. Die gelowige leef uit die heil wat in Christus geskenk is. Christus se heil en die genadige deel daarin verwek 'n ongekennde blydschap.

3.2.5 Geloofsbeleving en blydschap

Gereformeerde spiritualiteit is in wese 'n geloofsbeleving, 'n geloofservaring, 'n geloofswandel en 'n geloofsomgang met God. Nicol (2000:195) wil hierdie spiritualiteit verander sien. Hy voel dat die emosie en ervaring in hierdie soort spiritualiteit so gestruktureer word dat emosie slegs klinies beleef kan word.

Calvyn verstaan gereformeerde heiliging primêr as die lewe van boete, bekering, selfverloëning, die kruisiging van die self en die oordenking van die toekomstige lewe. (Calvyn 1978:253-268). Die rede daarvoor, sê Jonker (1989:297), is die oortuiging van die totale bedorwenheid van die menslike natuur.

Gereformeerde spiritualiteit is meer as net 'n somber kruisverhaal. Gereformeerde spiritualiteit is juis 'n vreugdevolle beleving. Die Heidelbergse Kategismus (Sondag 33 vraag 90) beskryf die opstanding van die nuwe mens soos volg: "Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe." Goeie werke is aan die adres van God se koninkryk gerig.

3.2.6 Die koninkryk

In gereformeerde spiritualiteit getuig die mens nie te veel oor hom/haarself of sy/haar eie geestelike ervarings nie. Hy/sy het net een begeerte en dit is volkome gehoorsaamheid aan al die geboeie van God (Jonker 1989:297). Daarmee saam is daar 'n intense verlange na 'n sigbaarwording van die koninkryk van God op aarde. Die konings-heerskappy van Christus word afgebid op al die terreine van die lewe. Onreg kan daarom nie geduld word nie, omdat dit bots met die koninkryk van God wat 'n koninkryk van geregtigheid is.

Gereformeerde spiritualiteit het klinklare dogmas, maar dit beteken nie dat dit soos 'n boek is wat klaar geskryf is nie. Die riglyne waarvolgens verder geskryf word, is die "reformata semper reformanda"-beginsel of in ander woorde gesê om te bly reformeer.

3.3 Samevatting

Gereformeerde spiritualiteit het 'n eie karakter, maar om daardie karakter te omskryf, bly moeilik. Die hermeneutiek en epistemologie van die persoon wat die definisie skryf, sal telkens verskillende karaktertrekke in verskillende beskrywings na vore bring.

Ek vereenselwig my met Jonker (1992:518): "Geen gereformeerde belydenis is ooit geskryf met die pretensie dat dit die waarheid van God en die heil absoluut kan verwoord nie. Daarom was dit vatbaar vir revisie in die lig van die Skrif."

Ons het hierdie belydenis nooit anders as in 'n historiese en kontekstuele vorm nie. Daarom sal daar altyd ruimte wees vir nuwe belydenisse in nuwe situasies. Gereformeerde spiritualiteit wil nooit in die voltooide tyd praat nie, maar juis in die onvoltooide tyd. Gereformeerde spiritualiteit wil bly hervorm (Jonker 1992:519).

3.4 Kritiese refleksie aan die hand van Nicol se aantekeninge

Nicol onderskryf gereformeerde spiritualiteit soos wat Jonker en Smit dit verstaan. Tog het Nicol (2000) kritiese aantekeninge op Jonker en Smit se siening aangebring wat verrykend inwerk op die beskouing van gereformeerde spiritualiteit.

"Die postmoderne klimaat help ons om te besef daar moet ruimte wees vir verskeidenheid. Ek moet vry voel om die lied van my gereformeerde spiritualiteit op my manier te sing. Maar dit beteken nie dat ek met my soort stem ander stemme wil doodsing nie; nee, hoe duideliker ons almal sing, hoe mooier harmonieer die geheel".

(Nicol 2000:181)

lets van hierdie nuwe stemme in nuwe situasies word gehoor in die werk van Nicol (2000:182) - "...ek dink gereformeerde is 'n rivier wat nie in die postmoderne landskap gaan opdroog nie..." (Sy kursivering)

In antwoord op gereformeerde spiritualiteit soos wat Smit (1988) en Jonker (1989) dit bespreek, stel Nicol alternatiewe daar vir die mens wat in die post-moderne era leef. In sy reaksie probeer hy nie altyd die verskille uitwys of die groot waarhede soos gesien deur die gereformeerdes, beredeneer nie. Hy probeer eerder vir die Christen wys dat gereformeerde meer om die lyf het as blote koue dogmas.

Nicol is van mening dat gereformeerde spiritualiteit in die derde millennium nog 'n plek het. Hy toon juis die 'hoe' van so 'n spiritualiteit aan.

Tipiese gereformeerde spiritualiteit is vir Nicol (2000:29) geloofsvroomheid en nie 'n ervarings-vroomheid nie. Daarmee bedoel hy dat spiritualiteit nie in ervarings geleë is nie, maar in Hom in wie 'n mens glo. Dit gaan nie oor hoe jy glo nie, maar in wie jy glo. Die woorde van Paul Althaus (Nicol 2000:29) weerklank deur die hele gereformeerde wêreld naamlik of ek glo, dit weet ek nie, maar in Wie ek glo, dit weet ek.

In sy opmerkings oor gereformeerde spiritualiteit handhaaf Nicol die sogenaamde vierbeen-basis van gereformeerde spiritualiteit: alleen die Skrif (sola scriptura), alleen die genade (sola gratia), alleen die geloof (sola fide) en aan God alleen die eer (soli Deo gloria). In Nicol (2000:30) se eie woorde:

"Ek laat nie toe dat enigiets my oog aftrek van die groot dinge waarin my sekerheid lê nie. Vir my verlossing kyk ek net na die Skrif wat die versekering van God se genade vir my gee; ek hou net aan die vrye genade vas, nie met godsdiens nie maar net met die leë hand van die geloof. Alles ontvang ek net van God en daarom gee ek net aan Hom die eer." (Nicol se beklemtoning).

Nicol (2000:31) voel dat hierdie soort suiwer geloof nie ervaring of beleving uitsluit nie.

"Die stil wete dat God my gekies het, is een van die rykste geestelike skatte wat 'n mens kan besit, een van die diepste ervarings wat jy kan hê. Ander

geestelike belewenisse kan kosbaar wees, mits hulle uit die bodem van hierdie grondervaring groei. [D]an het jy nie 'n oormatige behoefte aan ekstra ervarings nie, want jou grondervaring is klaar ryk.”

Hoewel ervaring 'n belangrike dimensie van post-moderne spiritualiteit is, word vandag meer klem op die resultaat van vroomheid gelê en dié resultate moet in die praktyk sigbaar word. Daarom is sosiale geregtigheid en sosiale vroomheid aan die orde van die dag. Geen ander stroom in die Christendom het so 'n sterk kritiese instelling teenoor die samelewing as die gereformeerdes nie (Nicol 2000:55). Die rede hiervoor is dat gereformeerde spiritualiteit klem lê op die grootheid van God en die kleinheid van die sondige mens.

Die genoemde post-moderne uitkyk het reeds in 1990 deel uitgemaak van die NG Kerk se beleid (1990): “Gelowiges moet sensitief wees en intree vir die reg van die noodlydende, dus die arme, die veronregte en weerlose.”

Hoe dink Nicol om al hierdie verskillende en alternatiewe waarhede ten opsigte van gereformeerde spiritualiteit met mekaar te versoen? Hy reken dat gereformeerde spiritualiteit, soos Calviniste dit sien, aanvanklik uit die pre-moderne en moderne tyd kom. Daardie spiritualiteit moet in 'n toenemende mate binne die post-moderne klimaat beslag kry. Onder post-moderne gereformeerde verstaan hy “nie geloof wat deur post-moderniteit *bepaal word nie, maar van geloof en gereformeerde wat die huidige tydsgees se moontlikhede gebruik om te bloei*” (Nicol 2000:168).

Die getuie van God ontvang die gloeiende metafore van Hom en speel 'n heilige spel daarmee – met die doel dat sy hoorders moet ervaar wat hy of sy self ervaar het: dat God na hulle toe “deurkom” (Nicol 2000:177).

Post-moderne spiritualiteit laat op hierdie manier die Bybel lewe. So gesien kan gereformeerde spiritualiteit byvoorbeeld by die Christene van Afrika leer. Die aard van hul spiritualiteit sluit juis aan by die post-moderne sienings wat onder ons aan die opkom is. Hulle kan aan ons die weg wys om meer te maak van die intuïtiewe en die belewenismatige van die misterie wat van God in Jesus Christus na ons gekom het (Nicol 2000:180).

Wie so oor spiritualiteit dink, is ver weg van 'n atmosfeer waarin die leraar die lidmate met die kerk se dogmas bedien waarvolgens hulle moet leef om gereformeerde te kan

wees. Die lidmate word eerder geleer om te sien watter rykdomme na hulle aangevloeï kom en hoeveel godsdienstige moontlikhede daar vir hulle is.

“Maar elkeen moet sy eie skattejag onderneem. ‘n Mens met gereformeerde gene moet self ontdek wat die waarde daarvan vir jou is en hoe dit die beste vir jou werk” (Nicol 2000:184). Een van die groot kenmerke van die post-moderne tydsges wat onkeerbaar onder ons invloed, kan eenvoudig met die een woord, *veelheid*, beskryf word. Daar is ruimte vir verskeidenheid van soorte en style. Elke individu en groep doen soos dit vir hulle die beste werk, som Nicol (2000:202) sy siening van post-moderne gereformeerde spiritualiteit op. Hierdie standpunt van Nicol skep wel vir my ‘n probleem: Wie bepaal wat die beste werk? Is dit die individu self of is dit die Skrif wat dit bepaal?

3.5 Persoonlike refleksie

Wie iets verstaan van die teoretiese besinning van Smit en Jonker, sal iets verstaan van die geloofsbeleving van die gemiddelde lidmaat van die NG Kerk. Wie Nicol se opmerkings verstaan, sal dalk die post-moderne behoeftes van vandag se lidmate aanvoel. Ek dink ook nie ‘n mens kan maar net by Nicol se gedagtegang verby loop sonder om bietjie daarvoor na te dink nie. Albei menings het implikasies vir pastorale terapie en vir die antropologiese vertrekpunt van die terapeut.

Ek is geskool binne gereformeerde spiritualiteit en vind my daar tuis. Die openheid van die post-moderniteit bied vir my geleentheid om te groei en my antropologie nie los van ‘n hermeneuties-kontekstuele wêreld te beoefen nie. Gereformeerde spiritualiteit bevind homself nie in ‘n doodloopstraat nie, maar in ‘n nuwe veelkleurige wêreld waarin kruisbestuwing verrykend inwerk. Ook gereformeerde spiritualiteit het ‘n bydrae om te lewer en daarvan wil ek deel wees.

Ek dink ek en Connie het albei redelik tuis gevoel binne die sosiaal-religieuse opset van gereformeerde spiritualiteit. Daarom het sy gemaklik haar storie met my gedeel. Die vertel van haar storie en die deel van die stemme wat sy hoor, het ‘n terapeutiese proses aan die gang gesit. Haar verhaal en die verloop van die proses vorm die inhoud van die navorsing ten opsigte van Christelike geloofstaal. Ek gebruik die volgende hoofstuk om haar vertellings, wat in verskillende vorme gestalte gekry het, weer te gee.

HOOFTSUK 4 CONNIE SE VERHAAL MET PARKINSONSIEKTE

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk vertel ek Connie se verhaal soos wat ek die pad met haar saamgereis het, terwyl ons gekyk het na die marginaliserende invloed van Parkinsonsiekte op haar lewe. Connie se storie is belangrik vir my navorsing, juis omdat Connie Christelike geloofstaal gebruik het om haar storie te herskryf en ek beseef het dat hierdie geloofstaal na alle waarskynlikheid in elke lidmaat se lewe 'n invloed kan uitoefen.

Uiteraard sal sekere gedeeltes beklemtoon word en ander uitgelaat word, na gelang van bewustelike of onbewustelike omstandighede. Alhoewel hierdie nie die navorser se storie is nie, maar die kliënt se storie, soos deur die kliënt beleef en vertel is, is ek wel daarvan bewus dat hierdie slegs 'n weergawe van Connie se storie is. Die vertel en skryf van Connie se verhaal word ook beïnvloed deur my as die navorser. Hudson (2000:98) verduidelik dit as volg: “[T]he text that is produced from the interpretations of the texts generated in the conversations with the research participants is the *researcher’s story* of their lives.” Gevolglik plaas ek Connie se geskrewe storie oor lewe met Parkinsonsiekte as 'n bylaag in. (Sien Bylaag 1)

Interpretasie en beklemtoning deur die navorser en/of die kliënt sal ook subjektief wees en sou plek-plek ook anders kon gewees het, maar dis nie om enige persoon te mislei nie. Die hantering van die gebeure het geskied soos wat die verhaal ontvou het binne die terapeutiese proses. Daarom het die vrae en refleksies ten doel om die proses en die begeleiding te ondersteun en om die verhaal te supplementeer.

In die refleksies word gereformeerde spiritualiteit kort-kort bygebring omdat dit die basis vorm van Connie se Christelike geloofstaal. Christelike geloofstaal word beklemtoon in die oortel van hierdie verhaal. Die aantekeninge en refleksies wat verband hou met gereformeerde spiritualiteit of met die filosofiese onderbou, word met die tersaaklike literatuur aangedui.

Die hoofklem bly egter Connie se verhaal, want dit is hierdie verhaal wat my laat beseef het dat persone Christelike geloofstaal aanwend in die vertel, beleef, interpretasie en herskryf van hul stories.

Ek gee 'n kort historiese verloop van die verhaal met enkele refleksies op die eerste gesprek. Connie se belewing van Parkinsonsiekte het sy self neergeskryf en ek gee dit net so in haar eie woorde weer in Bylaag 1. Ongelukkig het ek nie die eerste gesprek getranskribeer nie. Die eerste gesprek het hoofsaaklik gehandel oor Connie se verhaal soos wat sy dit op skrif gestel het, voordat ek en sy nog enige kontak met mekaar gehad het. Na die eerste gesprek het ons albei gevoel dat 'n opvolgesprek gou moes plaasvind en het ons tentatief gereël vir 'n tyd en plek.

Gedurende die tweede ontmoeting (Bylaag 3) het die gesprek in 'n rigting ontwikkel waar Connie oor haar flinkheid en mobiliteit, wat sy as gevolg van die siekte besig was om te verloor, kon nadink. Flinkheid is 'n kenmerk van die "Jonck-familie". Connie se ouers en gesinslede, die Joncks, is mense wat flink deur die lewe gaan en alles baie vinnig kan doen. Connie se siekte het 'n donker skadu oor haar beweeglikheid gewerp en sy steek nou af teen die familie.

Ons het ook aandag geskenk aan haar gebedslewe en haar verhouding met God. Die laaste twee sake was belangrik omdat sy reeds in die eerste gesprek hierdie sake geopper het en hierdie aspekte juis negatief beleef het. Ook haar frustrasies word opsommenderwys weergegee. Hierdie deel van die proses word afgesluit met 'n refleksie.

Die derde gesprek (Bylaag 4) handel oor twee woorde wat sy in die tweede gesprek genoem het naamlik 'geloofsvlerke' en 'gebed'. Hierdie twee komponente van geloof en gebed het vir Connie bevryding gebring. Op 2 Januarie 2000 het die 'ander' storie begin vorm aanneem en het sy 'n nuwe inhoud aan gebed en geloof gegee.

Hierdie gesprek is verder gevoer met 'n brief wat ek aan Connie geskryf het (Sien Bylaag 2). Epston (1994:421) aksentueer die belangrikheid van briewe aangesien, “[w]ords in a letter don’t fade and disappear the way a conversation does; they endure through time and space, bearing witness to the work of therapy and immortalizing it”. Clandinin en Connelly (1994:421) beskou die skryf van briewe as ‘n navorsings-metode, wat verdere waardevolle interaksie tussen die navorser en die deelnemers uitnooi.

Tydens hierdie gesprek het Connie ook uit haar eie oor haarself en haar situasie gereflekteer. Haar refleksie word woordeliks opgeneem in hierdie hoofstuk en eindig waar Connie beskryf hoe die alternatiewe verhaal vir haar weer hoop en vrede bring.

Die voortsetting van die terapeutiese proses en die "unique outcomes" kom volgende aan die beurt. Soos wat die gesprekke voortgaan, word Connie se alternatiewe storie al hoe duideliker. 'n Belangrike aspek binne die narratiewe gespreksbenadering is dat die alternatiewe storie van 'n persoon gedeel moet word met 'n "community of concern". "If people constitute their preferred selves by performing their preferred stories, then it is important that there be audiences for those stories". (Freedman & Combs 1996:237). Gevolglik het ek en Connie besluit om haar alternatiewe storie met haar "preferred community of concern" te deel. Ek het Connie tydens 'n aanddiens in my gemeente uitgevra oor haar siekte en die pad wat sy en die Here gestap het. Haar belewenis en die sin van haar lewe word in die refleksie onderstreep.

Twee jaar het verloop en ek het gedurende 2002 slegs een enkele gesprek met Connie gehad om te hoor hoe die ander hoofstukke vanuit haar alternatiewe storie verloop het sedert ons laaste kontak.

4.2 Historiese aanloop (Voorgeskiedenis van terapeut en kliënt)

Connie se suster, Janet, is 'n lidmaat van die NG Gemeente Oudtshoorn-Suid. By geleentheid het ek 'n Bybelstudie in een van die wyke gelei. Daar het ek Connie ontmoet, wat toe by haar suster gekuier het. Kort daarna het Janet my vertel dat Connie aan Parkinsonsiekte ly.

Intussen het heelwat tyd verbygegaan en in verdere gesprekke met Janet, het Connie se probleme weer ter sprake gekom. Ek het myself nie bekwaam genoeg gevoel om hierdie moeilike situasie te hanteer nie. In September 1999 het Janet my gebel en gesê dat Connie nie meer sin in haar lewe sien nie. Na telefoon-gesprekke met Janet en Connie, het ek en Janet dadelik die 200km na Connie toe gery.

Toe ek die eerste keer kontak gehad het met Connie, was ek gekonfronteer met 'n "thin conclusion" (White 1997:17) oor my eie identiteit as terapeut aangesien ek beperkte ondervinding in die veld van terapie opgedoen het binne my 15 jaar in die bediening. Aan hierdie beginstadium van die navorsingsreis kon ek sterk identifiseer met White (1997:17) se erkenning dat terapeute dikwels gekonfronteer word met "thin conclusions" aangesien hulle "working lives are located in various sites of the culture of psychotherapy to ever experience the attainment of an adequate grasp of knowledge. No matter how much they know, it is never enough". My kennis van

terapie het hoofsaaklik bestaan uit die voorlees van beloftes vanuit die Woord van die Here. Maart 1999 het ek die eerste keer kennis gemaak met die narratiewe gespreksmetode.

Sosiale konstruksie, sosiale diskoerse, epistemologie, paradigma, dekonstruksie en ko-konstruksie, geneagram, koördinate (micro-maps), eksternalisering, kenner van my lewe, vaardighede en ondersteuning was begrippe en diskoerse waarvan ek binne die konteks van terapie, soos in die narratiewe gespreksmetode gebruik word, weinig kennis gedra het.

Ek het my egter tuisgevoel binne die paradigma van narratiewe terapie soos wat White en Epston (1990:14,15) dit toepas. Ek het bevry gevoel van die gedagte dat ek persone moet diagnoseer, die probleem analiseer en die dominante probleemstorie moet verander. Die wete dat 'n kliënt die kenner van sy of haar lewe is, (Anderson & Goolishian 1992:29) was 'n groot verligting aangesien dit my groot-en-deels bevry het van die “thin conclusion” (oor my eie identiteit as terapeut) dat “no matter how much they [I] know, it is never enough” (White 1997:17). Die proses van terapie het vir my as predikant baie moontlikhede oopgemaak. In my eie lewe het 'n proses begin waarvan ek my nooit weer wil losmaak nie.

Teen die tyd dat my pad met dié van Connie gekruis het, het ek reeds 'n paar werkwinkels onder leiding van dr. Johann Roux bygewoon. Narratiewe gespreksbenadering het die weg gebaan vir dekonstruksie, die eksternalisering van Parkinson-siekte en die herskryf van die dominante storie.

4.3 Parkinson-siekte

Die verhaal van Connie, speel af binne die plattelandse milieu, waar die sosiale diskoers daaruit bestaan dat die plaaslike gemeente sekere regeermagte oor die individu het en die ampsdraers daartoe bemagtig (White & Epston 1990:31). Haar spiritualiteit sowel as dié van haar gemeenskap het verskeie maniere van bemagtiging ingesluit. Die 'pastor loci' word bemagtig om te bedien. Vrywillige bydraes finansier die plaaslike gemeente se bediening. Ampsdraers word verkies en word weer op hulle beurt deur dieselfde sosiale diskoers en spiritualiteit bemagtig vir diens om pastorale sorg te verrig. Connie se eerste uitreik na terapeutiese hulp, buite haar gemeente, was juis vanweë 'n negatiewe beleving van hierdie 'corpus Christi' soos beliggaam in haar plaaslike gemeente.

4.4 'n Ander storie is moontlik

Gedurende my eerste kontak met Connie, het sy haar verwoorde teleurstelling op skrif aan my oorhandig. As gevolg van Parkinsonsiekte, het sy sekere koördinasie en fisiese vaardighede verloor. Sy het hierdie opskrifgestelde "inner dialogue" vir my gegee om te lees, gedagtig daaraan dat sy baie tydsaam geskryf het. Dit op sigself moes 'n fisiese, maar veral ook 'n geestelike marteling gewees het. Die eerste deel van ons eerste gesprek het hoofsaaklik gehandel oor haar behoefte soos wat sy dit neergeskryf het. (Sien bylaag 1). In die gesprek is baie gekonsentreer op die gevolge van Parkinsonsiekte of die HARTSEERSIEKTE soos genoem na enkele eksternaliseringsvrae (White & Epston 1990:30). Sy sê onder meer dat die siekte 'n donker wolk oor haar trek en sy voel depressief, omdat ander se flinkheid haar ondergang bewerk. Ons het ook gekyk na haar beleving van die familie en spesifiek haar gesin. Sy het vertel van die vaardighede wat sy verloor het en in spesifieke vrae het ek na "unique outcomes" gesoek deur te konsentreer op die vaardighede wat sy behou het.

Connie is werklik die kenner van haar eie lewe. Sy het baie gedink oor die siekte, dit op haarself toegepas en ongelukkig toegelaat dat hierdie kennis so dominant word dat die meeste van haar "wen"-strategieë hul glans verloor het. Gevolglik het sy 'n lewensmoegheid beleef. Haar persepsie van "normaal" het tot gevolg gehad dat sy nie meer raakgesien het dat sy nog so baie dinge self kon doen nie. Onafhanklikheid was die groot maatstaf vir haar kennis van "normaal".

Connie se persoonlike ervaring van mislukking omdat haar gedrag nie in lyn is met die dominante sosiale idees oor wat "normaal" is nie, kan geassosieer word met wat White (2002:43) noem die moderne weergawe van mag naamlik "normalising judgement".

"[M]odern systems of power encourage people to actively participate in the judgement of their own and each other's lives according to socially constructed (as an outcome of which it is determined that people's actions reflect degrees of inadequacy, abnormality, insufficiency, incompetency, hopelessness, ineffectualness, deficit, imperfection and worthlessness)."

(White 2002:43)

Die effekte van “normalising judgement” was dat Connie haarself vergelyk het met dominante sosiale norme van wat nodig is om normaal te wees en gevolglik het sy verval in ‘n storie van Hartseersiekte – die plot van haar dominante probleemstorie was dat sy ‘n lomp, afhanklike individu is en gevolglik ‘n verloorder is. “In participating in this normalising judgement, people are active in policing of their own and each other’s lives” (White 2002:43). Tydens Connie se “policing” van haar eie gedrag het sy haarself veral gemeet en vergelyk aan die hand van die “Jonck familie” wat beskou word as “haastige, korrekte” mense. Gevolglik meet sy nie haar menswaardigheid in haar syn nie, maar in haar dae. Hoe rym dit met die nuwe lompheid wat Parkinsonsiekte in Connie se lewe bekendgestel het? Die “Jonck-familie” word gemeet aan hulle flinkheid en hierdie sosiale diskoers het Connie laat voel dat sy die verloorder was.

Connie beweer dat ‘n verdere effek van die Hartseerstories op haar lewe moedeloosheid is. Haar eie woorde is: “Ek kan NIKS meer doen nie. Waar is God? Het God vergeet van my?” Hier toon sy aan dat sy die behoefte het aan individuele en persoonlike omgang met God. Smit (1989:86) het ook aangetoon dat dit kenmerkend is van die individu se lewe om persoonlike omgang met God te hê, omdat dit deel is van die gelowige wat binne die sosiale konstruksie van gereformeerde spiritualiteit leef.

4.5 Enkele refleksies na my eerste gesprek

Ek het gesien dat daar sekere ligpunte oftewel “unique outcomes” (White & Epston 1990:31) in Connie se verhaal is, veral met die ontdekkings wat sy gemaak het ten opsigte van “wen”-strategieë. Sy het besef dat sy nie so op haar verliese moet konsentreer dat sy nie meer raaksien hoeveel ander dinge vir haar behoue gebly het nie. Sy het met ander oë begin kyk na die dinge wat so vanselfsprekend was en sy het waardering gekry vir die mobiliteit wat vir haar behoue gebly het. Sy beleef die vrede van ‘n wonderlike familie wat so ondersteunend is, baie geduld het, begrip het en baie liefde gee.

Sy vertel dat dit vir haar voel of die Here Jesus sy rug op haar gedraai het. Connie trek elke insident en belewenis in haar verhaal direk deur na haar verhouding met God, en hierdie relasie met God bevestig nie net haar interpretasie van God se betrokkenheid by haar lewe nie, maar hoe Connie se gereformeerde spiritualiteit verweef is in haar storie en hierdie spiritualiteit praat met haar. Soms ken sy kognitief

al die vroom antwoorde, maar tog beleef sy God se betrokkenheid by haar siekte op 'n negatiewe wyse. Gerkin (1986:22) verduidelik juis hoedat die Christen God beleef: "It is the story of the transcendent God who creates, promises to be faithful and calls God's people into covenant relationship ... with their Creator." Connie beleef God nie teenwoordig in haar siekte nie en beskou haar verbond met haar Skepper in 'n negatiewe lig. Sy voel of sy met hierdie negatiewe gedagtegang sonde doen. Hierdie sosiale diskoers van negatiewe gedagtes wat gelyk is aan sonde het moontlik deur jarelange godsdiensoonderrig gekom en klop met Jonker (1989:288) se verstaan van gereformeerde spiritualiteit as totale vroomheid en 'n geestelike beleving. Connie voel sy faal omdat sy twyfel en dat haar vroomheid nie is wat die Bybel en God van haar verwag nie. Selfs hierdie negatiewe beleving van God wyt sy ook by tye aan haar eie kleingeloof.

Haar interpretasie van wat Bybels is volgens haar gereformeerde spiritualiteit, het tot gevolg gehad dat Connie haarself binne hierdie diskoers konstitueer as sondig, omdat sy God se teenwoordigheid in haar bevraagteken. Davies en Harre (1991:43) beklemtoon en erken hierdie "force of 'discursive practices', the ways in which people are 'positioned' through these practices and the ways in which the individual's 'subjectivity' is generated through the learning and use of certain discursive practices". Gevolglik was ek onseker oor hoe ek haar geloofs- en gebedslewe moet verstaan en het haar later in die gesprek uitgenooi om my te vertel wat sy onder gebed en geloof verstaan.

Terwyl ek met hierdie delikate gesprek aan die gang was, het ek in my gemoed tog twyfel gehad of Connie my as gespreksgenoot van hierdie proses aanvaar. Indien sy my nie aanvaar nie, sou ek haar nie daaraan wou blootstel om my met delikate aspekte van haar siekte en lewe te vertrou nie. Ek sê dit omdat dit goed sou wees om in gedagte te hou dat ek en Connie uit dieselfde sosio-ekonomiese gemeenskap kom en omtrent ewe oud is. Ek het verder kennis gedra daarvan dat Connie spesifieke probleme ondervind het met haar plaaslike predikant, terwyl ekself die predikant in haar suster, Janet, se gemeente is. Daarom was ek huiwerig om na haar terug te gaan omdat ek gedink het dat daar 'n sterk moontlikheid bestaan het dat sy my nie sou aanvaar nie.

Die hoofsaak van Connie se storie is gedekonstrueer en ons het saam besluit om hierdie ontmoeting spoedig op te volg met nog 'n sessie. Die opvolgsgesprek is gekontrakteer en het by my huis plaasgevind.

4.6 Connie se “re-storying” (Tweede gesprek [Bylaag 3])

Die emosionele klimaat van die tweede gesprek het baie verskil van die eerste gesprek. Connie was meer gemaklik en ook meer vertrouwd met my as persoon en met die narratiewe gespreksbenadering. Haar gemoed was baie meer kalm.

Die lewe het skielik weer betekenis gehad en sy het nie in die laaste tyd "af-dae" beleef nie. Tydens ons gesprek het ek verdere ge-eksternaliseerde vrae gebruik in 'n poging om Connie te help om maniere en tegnieke te identifiseer waar sy wel die oorhand oor die effekte van die Hartseersiekte kon kry. Gevolglik het ge-eksternaliseerde vrae die deur oopgemaak vir stories waar sy kreatief was soos dat sy byvoorbeeld melktert en brood gebak het (iets wat fisiek moeilik en gevaarlik was, gesien haar fisiese beperking wanneer sy met hitteverwante produkte werk). In die tyd tussen die twee gesprekke het sy begin om 'n ALTERNATIEWE STORIE te skryf (White & Epston 1990:30).

Deel van die herskryf van haar storie bestaan daarin dat sy die dinge wat haar die meeste gefrustreer het en wat verband hou met haar mobiliteit en vereensaming, neergeskryf het. Sy wou ook graag betrokke bly by haar gemeente, maar sy het gevoel sy is nie meer welkom daar nie. Sy het daarna vir haar riglyne neergelê om hierdie frustrasie konstruktief teen te werk. Connie kon na aanleiding van die eerste gesprek haar eie “unique outcomes” skep. Ek gee dit hier weer om aan te toon hoe die negatiewe storie sy dominansie begin verloor het in haar alternatiewe storie.

Ek was nuuskierig om by Connie uit te vind watter stappe sy al in die verlede opgemerk het wat haar help om die mag van die Hartseersiekte in haar lewe te verminder. Freedman en Combs (1996:66) verwoord hierdie nuuskierigheid as ‘relative influence questioning’. “In relative influence questioning people are asked first to map the influence of the problem in their lives and relationships and then to map their influence on the life of the problem” (Freedman & Combs 1996:66). Vanuit ons gesprekke kon Connie maklik die invloed van Hartseersiekte op haar lewe en verhoudings verwoord, naamlik dat dit die deur vir depressiwiteit en moedeloosheid oopgemaak het en ook haar belewenis van ‘n persoonlike verhouding met haar God bemoeilik het. Na ‘n tydjie van kopkrap en dink kon Connie egter ook vertel van die tye waar sy ‘n invloed op die lewe van Hartseersiekte gehad het. Connie noem hierdie invloede die "wen"-strategieë wat sy vir haarself uitgewerk het. Haar wenstrategieë lyk soos volg (My teoretiese refleksies ten opsigte van gereformeerde

spiritualiteit en Christelike geloofstaal sal in kursief gedruk word.):

- Kreatiwiteit.
- Aanpasbaarheid.
- Humor.
- Telefoonoproepe.
- Vermoë onnodige selfkritiek en ander kritiek...negatiewe stories.
- Net beste gee.
- Ignoreer wat seermaak.
- Soek vriende op.
- Kyk na die positiewe aspekte wat Parkinsonsiekte oplewer soos om te fokus op dit wat sy haarself aangeleer het. Moet nooit toelaat dat Parkinsonsiekte só word dat jy net na jouself kyk nie.
- Bid vir myself ook. *Jonker (1991:17) verwys na die belangrikheid wat gebed vir Calvyn gehad het en hier vertel Connie hoe belangrik dit vir haar is.*
- Aftye word ek nie heeltemal so negatief nie.
- God se teenwoordigheid/hulp. *Smit (1988:187) sê die soeke na God se wil en hulp is eie aan gereformeerde spiritualiteit en hier sien ons hoe dit waar is in Connie se lewe.*
- Daar's altyd hoop.
- Gaan lê nooit... gee nie sommer maar moed op nie.
- Rustigheid.
- Om verby die siekte te kyk.

4.7 Refleksie op tweede gesprek

Die herskryf van die alternatiewe storie toon die byna bomenslike krag en vermoë (White & Epston 1990:31) van hierdie vrou. My "privileged knowledge" (wat ek op p27 volledig bespreek het), het gedurende die pastoraal-narratiewe terapie-gesprekke en die terapeutiese proses na die agtergrond verskuif omdat die kliënt op haar eie die "restory-ing" (sien p28) met 'n geestelike flinkheid hanteer het.

Haar introspeksie en persoonlike analise, tesame met 'n "re-membering" (Appelt 1999:52) van God (waarby ons eintlik nog nie in hierdie stadium van die proses gekom het nie), onderstreep hoe sy haar storie "restore". Ek het waargeneem dat Christelike geloofstaal die ruggraat vorm van haar vermoë om die alternatiewe storie

te skryf. Dit was vir my interessant om Connie se verskillende “discursive positions” (Davies & Harre 1991:46) binne die gereformeerde spiritualiteit waar te neem. Waar gereformeerde spiritualiteit haar eers as ‘n sondige individu gekonstitueer het, stel hierdie selfde spiritualiteit haar in staat om ‘n alternatiewe storie te skryf en haarself te sien as ‘n gelowige wat God as kern ondersteuningsbron ervaar. Davies en Harre (1991:46) bevestig hierdie proses van verskillende subjek posisies. “[W]ho one is, is always an open question with a shifting answer depending upon the positions made available within one’s own and others discursive practices.”

Sy weet dat haar man en twee tienerseuns haar elke dag moet help en hulle word "members" met 'n duidelike rol in die alternatiewe verhaal. Sy is baie dankbaar en in die definiëring van dankbaarheid word nuwe dimensies ten opsigte van spiritualiteit sigbaar. Sy dink ernstig na oor haar eie betrokkenheid en toenadering in haar gemeente.

4.8 Geloof en gebed gelyk aan nuwe lewe (Gesprek Drie [Bylaag 4])

Die derde gesprek het hoofsaaklik gehandel oor twee dominante woorde: GELOOF SVLERKE en GEBED. Hierdie twee woorde is deur Connie gebruik en het myns insiens 'n belangrike plek ingeneem in die herskryf van die alternatiewe verhaal. Die gebruik van Christelike geloofstaal was prominent en het vir my gewys dat ek deeglik hiervan sal moet kennis neem as ek sinvol deel wou wees van die terapeutiese proses.

Op 2 Januarie 2000 het 'n "ander" storie Connie vryheid gegee. (Dit word in meer detail gegee in haar eie woorde: in Bylaag 1). Dit was 'n "ander" storie wat reeds op 27 November 1999 begin vorm aanneem het.

Haar oudste seun het pas matriek geskryf en sou binne twee weke na die buiteland (Engeland) vertrek. Goeie reëns het op die plaas uitgesak. Hul jongste seun is terug skool toe en sy sou binne die volgende twee weke die neuroloog sien.

In hierdie gesprek het Connie se alternatiewe verhaal nog duideliker begin vorm aanneem. Haar eie woorde wat die herskryf van ‘n alternatiewe storie verwoord, was: "Ek het my brein herprogrammeer" (sien bylae vir die verbatim-weergawe).

In die skryf van haar alternatiewe storie het Connie eerstens nuwe inhoud aan geloof en gebed gegee.

Jerry: “Wat bid jy? Vir genesing?”

Connie: "Ek bid vir krag om deur elke dag te kom en vra die Here vir genade".

Jerry : "Hoe doen jy dit?"

Connie: "Ek kom nie in die oggend uit my kamer voordat ek nie stiltetyd gehou het nie."

Wanneer mense gekonfronteer word met probleme in hulle lewens, kan daar gewoonlik 'n ervaring van diskonneksie tussen hulle en ander belangrike persone in hul lewens plaasvind. Die rol wat die Hartseersiekte in Connie se lewe gespeel het, het bygedra dat haar verhoudings met God en haar familie beïnvloed word. Morgan (2000:77) beskryf "remembering conversations" soos volg: "Re-membering conversations involved people deliberately choosing who they would like to have more present as the members of their club of life." Connie het aktief betrokke geraak in hierdie "remembering conversations" en spesifiek God en haar man en kinders gekies om deel te wees van "club of life" in die uitleef van haar alternatiewe storie. Hiertydens spel sy duidelik die belangrike ondersteunende rol van God en haar man en kinders in haar lewe uit. "[Remembering]... suggests possibilities for persons to engage in a revision of the membership of their club of life (White 1997:23), by... upgrading specific memberships." (Appelt 1999:44).

Sy het die tekortkominge wat die siekte bring, begin vervang met ander waardes. White (2002:450) beweer een manier om die effekte van "normalising judgement" teen te werk, is "a headstrong negation of the contemporary emblems of normalcy, including those of 'self-actualisation', 'wholeness', and 'authenticity'". Connie het besef dat in haar pogings om "normaal" te wees, het sy haarself blind gestaar vir ander lewendgewende kwaliteite. "Die goed wat regtig saak maak, het nou na vore begin kom. Die innerlike vrede help my om sand in die oë van die siekte te skop. Ek is altyd die wenner." Hierdie "unique outcome" het haar bemoedig om voortdurend "wen"-strategieë in plek te kry.

Die gesprek is voortgesit deur 'n brief wat ek aan Connie geskryf het (Bylaag 2). Tussen die derde en die vierde gesprek het bykans twee maande verloop waarin sy die neuroloog gesien het. Vir die eerste keer het hy medikasie vir die beheer van die siekte voorgeskryf. Haar ander medikasie het hoofsaaklik bestaan uit kursusse om haar gemoed op te beur.

4.9 Her-programmeer jou brein (Connie se selfrefleksie 27/11/1999)

"My oudste seun het die 11de sy matriek klaar geskryf. Hy lyk toe die dag en aand heel bek-af. Ek kom toe al vir 'n geruime tyd agter dat as hy hier by die huis is, is hy altyd haastig terug koshuis toe. Dié aand met huisgodsdienste vra ek toe wat fout is." Jonker (1991:14,16) beskryf hoe die mens daarna verlang om in 'n persoonlike verhouding met God te staan. Hierdie faset van gereformeerde spiritualiteit word deur Christelike geloofstaal beskryf waar Connie verwys na die huisgodsdienste.

"Toe kom die skok-antwoord. Dit maak hom ongelukkig wanneer ek hartseer is oor die siekte en hy is hartseer oor sy maats en onseker oor die grootmenslewe wat hy nou moet betree. Hy is toe sommer baie hartseer."

"Gelukkig het ons 'n oop verhouding met ons kinders. Voordat hulle te veel broei oor iets, gesels ons daaroor. Ons het toe lekker gesels. Hoe wonderlik genesend is 'n sinvolle gesprek nie! Daarna het ons gebed en gaan slaap."

"Hierna het ek besluit om die positiewe gedagtes neer te skryf wat vir my werk. 'n Mens het seker so 'n skok nodig, sodat jy kan los kom van die wurggreep waarin jy om watter rede ookal, vasgevang is." Connie het al hoe meer in kontak gekom met die "kenner" (Anderson & Goolishian 1992) in haar eie lewe. Connie was aktief besig om haar alternatiewe storie te verryk deur meer en meer te fokus op haar eie kennis rakende wat help om die probleem se greep op haar lewe te verswak. "As a new and preferred story begins to emerge, the therapist is interested in finding ways to assist the person consulting them to 'hold onto' or stay connected to it" (Morgan 2000:74). Gevolglik het ek entoesiasies vir Connie uitgenooi om my in meer detail te vertel van die verdere wysede wat sy bekom het ten einde die probleem se invloed in haar lewe te verminder. Connie deel die volgende gedagtes met my:

1. "Kom eerstens weg van die EIE EK wat so gou beheer oorneem. Dit beïnvloed jou en diegene om jou negatief.
2. Stuit negatiewe gedagtes - vervang dit met positiewe gedagtes. In die aand, wanneer jy moeg is, moet jy nie te diep delf nie. Dit het 'n sneeubal-effek en voor jy jou kom kry, is jy in die "doldrums". Ek en my man neem ook nie belangrike besluite in die aand nie.

3. Moenie so vas staar teen jou eie probleme nie - aanvaar jou beperkings. Dit is nie maklik nie, maar deur net rondom jou te kyk en ander se pyn en ellende waar te neem, word jy bemoedig.
4. Wees dankbaar! Wanneer ek in die oggend die nuwe dag aanskou, begin ek dankie sê. So probeer ek deur die hele dag dankie sê, ook wanneer ek sukkel met iets. (*Wie dié gereformeerde spiritualiteit wil verstaan, sê Smit (1988:187), moet hierdie verweefdheid tussen vroomheid en organiese lewens-verbande ernstig opneem.*) Dit lei jou aandag weg van jou probleem af en voordat jy moedeloos is, het jy gedoen wat jy wou doen.
5. Speel rustige musiek, of sit die radio aan. Wanneer ek bad, gaan dit maar met 'n bietjie gesukkel gepaard. 'n Sekere aand het hulle voorlesings uit digbundels, 'n ander aand weer radioteater, of wat ookal. Ek luister daarna en voor ek my kom kry, is ek klaar gebad en aangetrek. Sondagoggende luister ek graag rustige kerkmusiek en Bybel-voorlesings oor die radio. Só trek ek rustig en kalm aan vir Kerk, sonder om my op te werk en die duiwel vatkans te gee.
6. Sit humor terug in jou lewe. Vir seker nie aldag maklik nie en alles behalwe snaaks, maar dit werk. Lag vir jouself en so ontloft jy 'n ongemaklike situasie. Almal, jy ook, voel beter. Wanneer my man my rug was en my help om my nagklere oor 'n half klam, stram lyf aan te trek, maak ons maar grappies. Dit verlig die seer en verminder die erns van die besef dat jy hulp nodig het. So leer jy stelselmatig elke probleem hanteer. So ook Sondae as hy my help om my sykouse aan te trek, sê ek altyd "skud in die sak mielies". Wanneer hy my help hare was en indraai, het ek daarna begin kyk as 'n terapie sessie. (Dis lekker as iemand met my hare werk). Pleks daarvan om te dink hy moet my help.
7. Moenie teen teen die prikkels skop nie. Erken dat jy hulp nodig het en vra hulp wanneer nodig. Ek is partykeer taamlik van balans af. Wanneer ek dan so rondsteier, grap ek maar en sê hulle moet koes, hier kom ek.
8. Slotsom: Her-programmeer jou brein. Weer eens, nie maklik nie, want hoe verander jy 'n mens? Dit is 'n lang proses en gebeur nie oornag nie, maar jy kan dit regkry. Natuurlik met die hulp van Bo. Jy kan dit nie sonder die Here doen nie. Ek weet nie meer hoeveel keer bid ek op 'n dag nie, want ek praat voortdurend met Hom. *In Connie se optrede en storie kan die diep-geworteldheid van gereformeerde spiritualiteit gesien word. Die lewenshouding wat pas by die mense se skuld en nietigheid, is nederigheid, afhanklikheid en dankbaarheid. God roep die mens op tot gehoorsame diens*

en navolging. Gehoorsame diens en navolging kulmineer in die eer wat aan die Drie- enige God gebring word, sê Smit(1988:188).

9. Reik uit. Het die Eie Ek nie te lank my lewe oorheers nie? Het ek nie te lank gewag dat mense iets vir my moes doen nie. Gevolglik te krities na ander gekyk nie? Staan op en doen iets, want as jy vir ander wag, sal niks gebeur nie. Deur eerder ander mense te vertroetel en te koester, pleks dat jy dit verwag, word jy geestelik verryk en voel jy weer menswaardig.
10. Moenie dat siekte of probleme jou lewe oorheers nie, bly in beheer."

4.10 Connie beleef weer vrede! (Sondag 2 Januarie 2000)

Die volgende woorde van Connie reflekteer haar belewenis van God in die skryf van haar alternatiewe storie:

"Ek sweef deur die huis op vlerke van geluk en vrede. Hoe? Deur 'n kragvolle geloofsinspuiting. Deur nie my kamer in die oggend te verlaat voordat ek krag vind deur voorlesing en gebed nie."

"Nee, dit gaan nie altyd goed nie en dit voel of jou geloofsvlerke jou partykeer in die steek laat, maar as jy Hom toelaat, tel Hy jou elke keer weer op en gee jou nuwe krag. Dankie, ds. Jerry dat u my nader na God gelei het, sonder raad en vermanings, eerder deur beskikbaar te wees en inspirasie."

Dit is Connie se belewing terwyl dit in daardie stadium vir my gevoel het dat ons nog nie werklik enige iets oor die "membering" van God gedoen of gesê het nie. Haar gereformeerde spiritualiteit het Connie in 'n verhouding met God geplaas, lank voordat sy van Hartseersiekte bewus was en nou het sy self God "re-member" in die terapeutiese proses wat ek gefasiliteer het. Gereformeerde spiritualiteit was dis 'n handige stuk gereedskap om te kon hê en te kon gebruik.

Die meeste lidmate van die NG Kerk beskik net soos Connie oor hierdie kwaliteite wat kan help om dominante stories te herskryf. In Christelike geloofstaal beskryf Connie die herskryf van die dominante verhaal en hoor ons hoe hierdie taal met haar praat: "Dankie ds Jerry dat u my nader na God toe gelei het sonder raad en vermanings ... deur net beskikbaar te wees."

"Dit het al vir my gevoel my lewe word kleiner deur die beperkings wat die siekte op my plaas, maar intendeel word ek geestelik verryk en my insig en kennis verbreed. Ek het ook al gevoel ek is pateties, maar nee, glo my, die siekte maak jou 'sterk' sodat jy as voorbeeld vir gesonde mense kan dien. 'n Mens se optrede maak jou pateties."

"Vra elke dag vir die Here krag om jou las met blymoedigheid te dra en sodoende stof te skop in die Satan se oë en vir hom te lag."

Connie het behoefte om selfs in haar lyding nie haar verhouding met God te benadeel nie. *Christus voer heerskappy oor die hele lewe van die mens. Die hoofdoel van 'n gelowige se lewe bestaan daarin dat die mens voor die aangesig van God lewe (Smit 1988:191).*

"Probeer om, ondanks jou groeiende afhanklikheid, jou identiteit te behou en jou stempel af te druk. Dan dwing jy respek af, voel nie pateties nie."

4.11 Connie se geloof reik uit (Refleksie na optrede in kerk)

Connie se verhaal het 'n groot invloed op my eie lewe gehad en het my nuut laat dink oor die sin van my eie lewe. Wat my sekerlik die diepste geraak het, was die opmerking: UIT MY HART UIT IS EK NIE BANG VIR DIE TOEKOMS NIE, SELFS AL IS EK OOK IN 'N RYSTOEL.

Hierdie opmerkings is gemaak nadat Connie haar verhaal in die NG Gemeente Oudtshoorn-Suid vertel het. Hoekom het sy haar verhaal in Oudtshoorn-Suid se gemeente vertel? Sy wou graag betrokke bly by haar kerk en haar gemeente het sy die verwerping die ergste beleef. Daarom wou ek twee aspekte in die terapie dien en dit is om 'n gehoor te skep, waar sy haar storie kon deel. Appelt (1999:51) beklemtoon 'n belangrike kenmerk van narratiewe terapie: "... since narrative therapy stresses the importance of having an audience to changes and preferred identities."

Ek wou ook Connie help om die kerk as "member" (Morgan 2000:77) by te bring. Op 'n vraag of sy voel die Here het haar getuïenis in Oudtshoorn-Suid se kerk gebruik, was haar antwoord: "Ek het dit baie bevredigend beleef." Dit nadat sy net vantevore gesê het: "Twee maande terug sou ek net gestaan en huil het."

Ek wou Connie se ervaring van die deel van haar storie verder uitbrei sodat daar 'n "thick description" (White 1997:15) van haar alternatiewe storie kon ontwikkel.

Jerry: "Connie, presies wat het jy in die kerk beleef?"

Connie: "n Wonderlike geleentheid. Dit het my vrygemaak van my inhibisies. Ek het geleer om openlik te praat. Die wegsteek (van my siekte) plaas te veel stremming op my."

Connie: "Vanaand was 'n stuk oorwinning" (haar optrede in die erediens).

Jerry: "Wat het jou die moed gegee?"

Connie: "My terugkeer na God. God is die anker van my lewe. As ek aan die Here vashou, KAN EK!!!"

Connie se herskryf van haar storie, die alternatiewe verhaal, vind plaas in haar binnekamer op die 2de Januarie 2000. Daardie oggend kry sy "vlerke van geloof". Hierdie vlerke noem sy "geloof en gebed". Die Sondagaand na kerk het ek haar spesifiek gevra na haar geloof en gebede.

"Geloof is my anker van elke dag. As ek in die oggend uit my kamer gaan, sal dit aan my bly knaag. Ek wil dit eers doen (stiltetyd). Nie op 'n dweperige manier nie, maar as iets my diep tref, skryf ek dit neer. Gebed gaan oor die dinge wat regtig saak maak."

Vanuit ons gesprek het dit duidelik vir my geword dat haar waardes verskuif het: "In my gebede vul ek my gedagtes met positiewe dinge. Gebed is my eie manier om dinge te verwerk."

Gebed en geloof vorm 'n belangrike komponent van gereformeerde spiritualiteit (sien hoofstuk 3...). Ek was nuuskierig oor die belang van gebed en geloof vir Connie in haar lewe en gevolglik het ek haar uitgevra oor hoe gebed en geloof bygedra het tot die versterking van haar alternatiewe storie.

Jerry: "Wat het geloof en gebed vir jou tot gevolg gehad?"

Connie: "In my siekte kon ek iets positief uit die negatiewe na vore laat kom. Dis lekker om weer 'n slag te lag. Ek kon ontslae raak van opgekropte onverwerkte negatiewe gevoelens. My gevoelens van haat en bitterheid kon nie iets positiefs na vore bring nie. Toe ek in die week weer 'n warm appeltert uit die oond uithaal, weet ek dat my brein met my kop gesmokkel het. Ek het te veel van my toestand aan Parkinsonsiekte toegedig. Geloof en gebede, soos vorige aand in die kerk, het amper net 'n droom geword."

My verstaan van geloof en gebed verskil redelik van Connie s'n. Ek sou na aanleiding van die inhoud wat ék daaraan gee, met haar in gesprek kon tree. Ek leef binne die sosiale konstruksie van die gereformeerde tradisie en konfessies en sou 'n "gereformeerde Skrifgefundeerde inhoud" daaraan wou gee. Die inhoud wat sy daaraan gegee het, het haar daardie oggend vlerke gegee wat haar nie net alleen bokant die siekte laat uitstyg het nie, maar ook 'n alternatiewe uitkyk op haar hele lewe tot gevolg gehad het.

Dit sou interessant wees om te weet hoe sy tot hierdie kennis gekom het en hoe dit gebeur het dat sy juis hierdie twee woorde uit haar Christelike geloofstaal woordeskat gekies het. Dit sou egter net 'n blote akademiese oefening gewees het, want vir die doel van die terapie het sy nie net 'n alternatiewe posisie ingeneem nie, maar ook reeds daarvolgens haar lewe ingeklee. Die verandering van posisie was vir haar genoegsaam en sy stel dit in haar eie woorde: "Dit was 'n stuk oorwinning (oor die siekte)."

Connie sou later in haar besoek aan die neuroloog so in beheer wees van hierdie siekte dat sy hom sou kon voorsê watter medikasie vir haar aanvaarbaar sou wees en watter nie. Ten spyte van die neuroloog se "expertise" het Connie se optrede getoon dat sy die werklike kenner van haar lewe en van haar siekte was.

Sy het nie net die Christelike geloofstaal op haar siekte betrek nie, maar dit ook "members" gemaak in haar verhouding met haar eggenoot en haar twee seuns. "My man skryf vir my seun (in London) die koerant en ek die Tien Gebooie." Die geloofs- en gebedsaspekte vir die elke dag se lewe word onderstreep. In die proses het sy dit ook reggekry om nie ander te veroordeel wat haar gedurende die siekte in die steek gelaat het nie. Trouens, sy kry hulle eintlik jammer omdat hulle lewens nie dieselfde positiewe aspekte en waardering besit nie.

Hierdie uitsprake deur iemand wat tot stilstand geruk is deur 'n "Hartseersiekte", is sekerlik moontlik, omdat sy deur haar Christelike geloofstaal en spiritualiteit 'n alternatiewe storie kon begin skryf. Connie is 'n besondere mens, maar sekerlik nie uniek in die opsig dat sy deur Christelike geloofstaal 'n alternatiewe verhaal geskryf het nie. Ek glo dat daar baie "Connies" in die sosiale gemeenskap loop, Connies wat hulle hartseerverhale deur die gebruik van Christelike geloofstaal herskryf het.

4.12 Voorsetting van die terapeutiese proses

Die finale sê in hierdie proses is lank nog nie bereik nie. Connie het belangrike hoofstukke in haar verhaal geskryf, maar sy het sekerlik nog nie die verhaal voltooi nie. Connie het haar vaardighede ontwikkel om self "unique outcomes" te bewerkstellig. Sy het met fyn waarneming Parkinsonsiekte of die geëksternaliseerde HARTSEERSIEKTE in woorde vasgevang. In haar beskrywings het sy 'n greep op hierdie siekte en sy verlammeende invloed gekry. Die vraag bly ook hoe haar verhaal vorentoe sal ontvou?

Medikasie sal altyd 'n belangrike hulpmiddel bly. Tog sal 'n ondersteuningstelsel ook in plek moet kom. Die plaaslike "corpus christi" met medegelowiges kan baie bydra om haar menswaardigheid en "geloof"-waardigheid te behou. Die familie kan help om die las van die gesin ligter te maak sonder dat die gesin verontrief word.

God Drie-enig, Vader, Seun en Heilige Gees, se vertroostende ondersteuning kan in dekonstruksie en ko-konstruksie baie gemoedsrus bring. Haar optrede in Oudtshoorn-Suid se aanddiens is klinkende bewys hiervan. Die vlerke van vrede kan haar selfs moontlik laat opstyg tot nuwe bevrydende hoogtes. Haar diensbaarheid aan God kan ten opsigte van haar idee van funksionaliteit, alternatiewe betekenis bybring en die alternatiewe verhaal versterk.

"Unique outcomes" is belangrik om die terapeutiese proses te versterk en verder te help om die "afdae" te minimaliseer. Deur haar diensbaarheid binne die gemeente en die gemeenskap, kan Connie weer haar regmatige plek inneem.

Connie het belangrike kennis van die waarheid van menswees uit die proses van Parkinsonsiekte ingewin. Haar kennis kan waardevol wees om ander persone wat onder dieselfde las gebuk gaan, terapeuties te steun. Op hierdie manier word terapie 'n sosiale relasie tot heil van persone en 'n gemeenskap. Ek dink hier spesifiek aan Bybelstudies en wyksbyeenkomste, want vir Connie is haar verhouding met die Here en medegelowiges eerste prioriteit.

Haar sosiale gerigtheid is 'n belangrike karaktereienskap en kan bydra tot die versterking van die alternatiewe storie. "To create an audience" (Appelt 1999:51) sal selektief benut kan word. Haar suster, haar vriende, haar geloofsgemeenskap en die algemene sosiale gemeenskap bied geleentheid. Dit sal help dat sy haarself nie

isoleer nie. Moontlike vrees vir mense sal kan plek maak vir liefde, maar ook vir aanvaarding, veral omdat sy verwerping beleef. Haar verhouding met God Drie-enig bied 'n alternatiewe storie waaroor sy graag wil getuig. Hierdie getuienis versterk haarself en dalk ook ander wat swaarkry.

Omdat die herskryf van haar "landscape of action" 'n proses is, is bogenoemde net moontlikhede. Die proses self en Connie se wil om voort te gaan, sal die beslissende volgende hoofstukke van haar lewe skryf.

Hierdie navorsingsreis het die onverwagte element van groei vir my as navorser en "co-author" in die herskryf van Connie se lewensverhaal gehad. Tydens hierdie "intrinsic case study" (Stake 1994:237) wou ek Connie se storie vertel en die fokus was dus op Connie en haar ervarings. Tog voel ek dat dit noodsaaklik is om ook erkenning te gee dat my deelname aan Connie se lewensverhaal ook by my verandering teweeggebring het. "Although changing the researcher is not a common intention in feminist research, it is a common consequence" (Reinharz 1992:194). Ek beseef nou dat hierdie navorsing kwaliteite van feministiese navorsing het aangesien ek ook in hierdie navorsingsproses verander en gegroei het. Verder, in lyn met feministiese navorsing, beweer Reinharz (1992:263) die volgende wat ek ter harte geneem het tydens die skryf van hierdie navorsingsverslag:

"I have feminist distrust for research reports that include no statement about the researcher's experience. Reading such reports, I feel that the researcher is hiding from me or does not know how important personal experience is. Such reports seem woefully incomplete and even dishonest."

Vanuit Reinharz se opmerkings ag ek dit as noodsaaklik en verrykend tot die navorsing dat ek ook my persoonlike ervaring tydens hierdie navorsing moet insluit. Gevolglik vra ek aan myself die volgende vraag: "Hoe lyk my verhaal, terwyl ek saam met Connie op reis is?" Connie se verhaal het baie bygedra tot my eie groeiproses. As terapeut kon ek so baie by Connie leer. Geduld het nuwe betekenis gekry, veral geduld met mense, met myself en met die proses self. Ook my eie haastige temperament en geneigdheid om altyd besig te wees, het deeglik onder die soeklig gekom. My menswaardigheid kan nie net aan my produksie gemeet word nie.

My eie moeder het die laaste jare stryd gevoer teen Parkinsonsiekte. Ek sou vandag meer begrip gehad het vir dit wat sy beleef het en nie self kon verwoord nie. Die belangrikste stukkie kennis van waarheid, Connie, wat jy my geleer het, is: die skoonheid van elke mens ongeag die omstandigheid, siekte of gestremdheid. MENSE IS GODGESKAPE! NARRATIEWE TERAPIE, CORAM DEO, VEREDEL DIE MENS TOT SY SKEPPERSKROON.

4.13 Woensdag 6 Maart 2002 (11:00 - 12:30): Nog 'n hoofstuk!

Ek het Connie weer gesien na verloop van twee jaar en in hierdie gesprek het ek saam met Connie teruggehoop op die laaste twee jaar van haar lewe. Connie het haar lewe self bestuur en 'n hele paar alternatiewe verhale geskryf. Sy het begin om ander posisies ten opsigte van haar lewe en van Parkinson-siekte in te neem.

Die gesprek is begin deur die volgende vraag wat ek aan Connie gevra het: "Connie vertel my hoe jou lewe verloop het sedert ons laaste gesprek."

(Genoemde gesprek is volledig opgeneem in hierdie studie).

"Ds. Jerry, ek het baie moeiliker begin beweeg, stadiger geloop en my balans verloor. Ek was meer geneig tot depressie. Ek het my man baie jammer gekry en het my begin gereed maak vir die rolstoel. Ek worstel deur die dag."

In 'n later stadium het ek haar gevra wat haar deur daardie tyd gedra het.

Connie: "As ek negatief begin dink, het ek vir myself gesê: 'STOP!' Aanvaar hierdie siekte. Dit kon ek net doen omdat my geloof (in die Here Jesus) sterk is. Johan het my baie bygestaan. Ek het al hoe sterker geword en my nie meer bekommer oor onbenullighede nie. My neuroloog in Kaapstad het Sinimet voorgeskryf. Iemand wat beroerte gehad het, het my van dr. Thorne in George vertel. Ek het hom gaan sien. Ek was toe baie swak. Dr. Thorne het ook Sinimet voorgeskryf. Hy het net die dosisse en die sterkte van die pille verander. Ds. Jerry, by die dokter in die spreekkamer het 'n wonderwerk gebeur. Daar het ek beseft hoe die verlamde man gevoel het toe die Here vir hom gesê het: 'Staan op, loop...' Ek het daar opgestaan en geloop. Nou kan ek weer myself help."

Dit is duidelik wat die rol van die Bybel in Connie se lewe is en dat sy meer as net troos in die Bybel vind. Die waarhede wat sy daar lees word fundamenteel in haar lewe toegepas, soos wat dit deur jarelange prediking in die NG Kerk verstaan is.

Connie: "Ek loop weer lekker. Johan hoef nie meer die groente te skil nie. Ek maak kos. Ek het al weer brood gebak en ek nooi weer mense om hier te kom eet. Ek gaan Vrydae dorp toe en Sondae kerk toe. Ek is nog net so lief vir mense en het nog gereeld kontak met mense."

Jerry: "Wat presies doen die Sinimet?"
Connie: "Parkinson se siekte veroorsaak 'n dopamien-tekort. Sinimet vervang hierdie vloeistof en dan gaan die styfheid weg en het ek balans."

Jerry: "Hoe beleef jy jou huidige situasie?"
Connie: "Ek kan myself help. Ek kan lekker loop. Ek moet aanvaar ek sal vorentoe meer medikasie moet gebruik. Ek moet net nie gespanne wees nie, want dan beteken die medikasie nie veel nie."

Later in die gesprek het ek haar uitgevra oor presies wat sy as spanning beleef. Sy het gesê sy beleef goeie en slegte spanning. Wanneer sy gespanne is, sukkel sy om haar "pose" te hou. Sy moet dan sorg dat sy tot stilstand kom. Die oomblik as sy dan rustiger word, kalmeer haar liggaam en kry sy weer haar beheer terug. Op 'n verdere vraag het sy gesê dinge wat haar bedreig, maak haar gespanne. Wanneer sy baie opgewonde raak soos wanneer haar seun van Londen af terug kom, beleef sy ook hierdie oormatige spanning.

Connie: "Ek het ook baie stiller geword."
Jerry: "Wat bedoel jy daarmee?"
Connie: "Ds Jerry, ek dink ek het berusting gekry oor my siekte. Ek aanvaar dit en skop nie meer so teen die prikkels nie. Ja, ek kry nog my afdae. As een van die seuns ander reëlings tref op 'n naweek of so en nie huis te kom nie, dan dink ek dit is oor my siekte."
Jerry: "En hoe kom jy dan hierdie gedagtes te bowe?"
Connie: "My geloof kom tot my redding en sien ek weer sake in perspektief. Ek steun swaarder op my geloof as die gemiddelde mens. Op so 'n afdag bid ek baie. Ek roep na God. Die volgende dag kan ek nie glo dat ek so negatief gedink het nie."

Connie se optrede sluit direk aan by Jonker (1989:294) se opmerkings: "Hulle verkeer op so 'n manier voor God dat daar weggekyk word van die self om in aanbidding en verwondering hul totaal op God te rig, omdat Hy die voorwerp van hulle liefde is".

Connie: "Johan ondersteun my fisies en geestelik. Hy is fisies en geestelik 'n baie sterk mens. Die Here het hom vir my gegee. Ter wille van Johan wil ek geestelik staande bly."
Jerry: "Hierdie stil wees, is daar nog iets wat jy vir my wil sê?"
Connie: "Ek kan myself besig hou. Ek lees gaag en luister graag radio. Ek doen alles in die huis, maar binne hierdie omstandigheid is stilte vir my goed."
Jerry: "Jy sê jy lees baie. Onthou jy wat jy lees?"
Connie: "My konsentrasie is goed."
Jerry: "Wanneer jy so stil is, dink jy jou nie in te veel negatiewe dinge in nie?"
Connie: "Nee, weet u, ek kry al meer berusting."
Jerry: "Is stil wees gelyk aan gebed?"
Connie: "Ja, ek bid baie."

Jerry: "Wat bid jy?"
Connie: "Ek bid vir genade van die Here af. Ek bid vir krag vir hierdie ding wat op my pad gekom het. Ek bid dat die Here nie hierdie vlammetjie van hoop sal uitwis nie. Die medikasie sê dr. Thorne, sal my ten minste tien jaar aan die gang hou. Dit voel vir my die Here het my 'n stuk lewe teruggegee."

Connie pas die Skrifwaarhede direk op haar lewe toe en doen dit na aanleiding van die gereformeerde 'sola scriptura'-beginsel (wat vollediger bespreek is in hoofstuk 3).

Jerry: "Wat beskou jy as jou sterkpunt?"
Connie: "Die aanvaarding...! Ek is 'n sterker mens. Ek bekommer my nie oor onbenullighede nie. Ek besef wat is die omvang van hierdie siekte. Alles is nie maanskyn en rose nie. Hierdie siekte is 'n werklikheid. Ek kyk uit 'n ander hoek na die lewe. Mense kan oor sulke onbenullighede hulle bekommer. Dit lyk so of hulle nie mooi besef wat is prioriteite nie. Sonder om veroordelend te wees, lyk dit vir my ek kan beter onderskei oor wat regtig saak maak. Ek kan sien watter dinge die wêreld laat draai. Dit voel so of ek lewenswysheid aan my kinders kan oordra. Ek het 'n soort van beter insig maar ek is nie beterweterig nie. Ek het ook die eienskap om nie te kla nie, maar om baie meer te waardeer."

"Ek is ook nie altyd so ernstig nie. Ons lag baie. Ek het my humor behou. Naweke lag ons drie baie. Ons lag lekker oor my 'springpilletjie'. Johan (my seun) kon nie glo toe hy sien hoe ek agter klein volstruisies aanhardloop nie."

Dan gaan sy terug na haar stilwees.

Connie: "My lewe is 'n hele spektrum van gebeure. Ek bid nie vir 'n wonderwerk... dat ek môre opstaan en gesond sal wees nie. Ek bid vir myself dat ek nie 'n dag vooruit sal loop nie. Ek dink nie wat ek nié kan doen nie, maar alles wat ek kán doen. Nie hoe dit sal voel om normaal te wees nie. Dit is alles dinge wat ek moet verwerk. Ek het al die dinge wat ek uit my gestel wou kry, uitgekry, al die woelinge, al die frustrasies."

Connie se nuwe verstaan van lewe met Parkinsonsiekte herinner my aan Derrida en die konsep van *differance* (Sampson 1989:11). Vanuit my verstaan van hierdie konsep blyk dit vir my of geen objektiewe betekenis aan 'n woord moontlik is nie. Connie het 'n eiesoortige betekenis geheg aan genesing - sy beskou genesing nie as 'n wonderwerk van opstaan en gesond en normaal te wees nie, maar om binne die beperkinge van die siekte nog steeds te kan funksioneer.

Connie: "Die Here stuur my baie maal na boeke toe. Kyk na hierdie artikel van Mariëtte Loots in die Rooi Rose van 11 Januarie 1995. Sy het kanker en het hierdie gediggie van die kankersaak geskryf. Dit is mooi né."

Smekend op my knieë staan ek voor my God
Die liefdevolle Vader wat besluit oor elke lot
Vir sommige gee Hy gesondheid,
Vir ander 'n sweempie verdriet.
Omvattend vir 'n meesterplan
Al dink ons soms dis verniet

Die kankersaak gryp ons almal aan die hart
Vir sommige bring dit pyn, lyding, hartseer, smart
Vir ander 'n geleentheid om hulleself te vind,
Jare al loop hulle in 'n sirkel, siende blind.

God praat met ons almal,
maar net sommige wil Hom hoor.
Die mallemeule van die lewe
Kan mens en siel bekoor
Eendag sonder waarskuwing
Staan jou lewe stil
Jy bevind jou op jou knieë voor God se wil.

Dan al die vrae in 'n smeekgebed,
Almagtige Vader, U wil my nie van
hierdie siekte red nie.
Waarom moet ons wag,
vir môre, vir nog 'n dag?
Maak my vinnig gesond:
Doen dit sommer vandag.

Maar so gaan die sin van die lewe
by baie verby-
'n gejaag na rykdom
Maar wees verseker dis nou die tyd
Om betrokke te raak
By hierdie dringende ... Kankersaak!!

Jerry: "Connie, wat maak jou nog opgewonde?"

Connie: "Die natuur. Ek word nog aangeraak deur die mooi dinge."

Jerry: "Presies wat in die natuur?"

Connie: "Jean se tuin, die veld, maar veral die voëls. Daar is so baie soorte voëls."

Ten einde erkenning te gee aan Connie en dat sy die kenner binne hierdie terapeutiese gesprek is, het ek haar uitgenooi om self te bepaal en te reflekteer die nut en betekenis van hierdie gesprek.

Jerry: "Connie, wat het vandag se gesprek vir jou beteken?"

Connie: "Hierdie gesprek was nodig. So 'n gesprek bring nog meer kalmte. Aan die een kant is daar ontlading en aan die anderkant word my batterye weer gelaai."

Nadat ek so 'n bietjie stil gestaan het by Psalm 18, het ek in 'n kort gebed voorgegaan en sekere van haar behoeftes, soos ek dit beleef het, aan die Here opgedra. Ek het ook vir haar geliefdes gebid.

Daarna, nog steeds in gebed, het ek my waardering uitgespreek. Sy het my weer laat besef om baie meer waardering te hê vir die lewe. Ek moet ook weer kyk wat die aarde laat draai. Ek moet weer besin oor die prioriteite in my lewe. Ek wil dalk ook dinge uit die Here se hande neem en self doen. Dalk moet ek ook meer stil word.

Die reis saam met Connie het my deur baie jare van haar lewe geneem en het ek die pyn van die siekte ervaar. Die manier waarop sy die pyn aan die een kant aanvaar het, maar ook die manier waarop sy haar storie herskryf het, spreek boekdele van haar kennis en die wyse waarop sy dit aangewend het. Daarom is die volgende hoofstuk die logiese uitvloeisel van Connie se lewensreis.

In hoofstuk 5 reflekteer ek op die navorsingsvrae en –doelwitte en die positiewe impak van Christelike geloofstaal.

HOOFSTUK 5 'n NAWOORD

5.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is Connie se gebruik van Christelike geloofstaal in haar beleving en die herskryf van haar storie ten opsigte van haar "hartseersiekte" volledig weergegee en bespreek. In hierdie laaste hoofstuk reflekteer ek op grond van haar ervarings watter impak Christelike geloofstaal op die individu se lewe het. Die refleksie handel oor die navorsingsvrae en doelwitte wat vir hierdie studie gestel is, asook die moontlikhede wat Christelike geloofstaal skep vir praktiese teologie en pastoraat. In die nawoord wys ek op die positiewe storie wat Christelike geloofstaal het.

5.2 Christelike Geloofstaal en lewenskrisisse: 'n Refleksie op die navorsingsvrae en -doelwitte

In die navorsing het ek gewerk met die vraag: Hoe stel 'n NG Kerklidmaat met 'n dominant-gereformeerde spiritualiteit sy/haar geloofstaal in diens om krisisse te hanteer? Van die doelwitte is om die gebruik van Christelike geloofstaal in die verwerking en hantering van spesifieke probleme aan te dui en ook om idees te deel wat ander persone in hul lyding kan help met die verwerking en hantering van hulle probleme.

Connie het Christelike geloofstaal gebruik om onder meer te sê dat God vir haar van kardinale belang is en dat Hy die volle sin aan haar lewe gee. In die vertel van haar verhaal, het Connie keer op keer op 'n direkte of indirekte wyse teruggekeer na haar verhouding met God. Die gebruik van Christelike geloofstaal is nie net 'n manier om haarself uit te druk nie, maar om haar religieuse verbintenis met God Drie-enig elke keer aan te dui of te onderstreep. Of Connie swaar gekry het en gebuk gegaan het onder die nagevolge van Parkinsonsiekte en of sy gesweef het van blydschap, haar gemoedstoestand word in Christelike geloofstaal uitgedruk. Male sonder tal verwys sy na haar verhouding met God en wat dit vir haar beteken en elke keer maak sy gebruik van Christelike geloofstaal en deur hierdie Christelike geloofstaal word 'n terapeutiese proses aan die gang gesit.

Connie se eerste soeke na terapeutiese hulp, is juis vanweë haar negatiewe beleving van haar plaaslike gemeente en die gemeente-leraar. Haar alternatiewe verhaal skryf sy na aanleiding van haar verhouding met God en dit word in Christelike geloofstaal gedoen.

Haar lewensverhaal begin by die verlies van haar geloofsgemeenskap en die feit dat dit vir haar voel of sy haar kerk verloor het en later vertel sy haar verhaal in die kerk. Sy versterk haar vermoë om haar dagtaak te verrig deur meditasie en haar saamwees met God, voordat sy haar dag begin. Selfs wanneer sy riglyne gee, word dit tot 'n groot mate in Christelike geloofstaal gedoen. In haar eerste gesprek verwys sy na haar geloofslawe en gebedslawe. Sy vra onder meer: Waar is God? Het God my vergeet? Sy meld dat sy baie meer vir haarself bid en dat sy God se teenwoordigheid soek.

Wanneer die familie 'n krisis beleef, word die saak rondom die Bybel en met gebed hanteer. Die een seun se optrede en behoeftes word dadelik in gebed aan die Here opgedra en daarna het die gesin 'n groter mate van vrede en tevredenheid. Ek gee Connie se eie woorde weer: "Ek kom al 'n geruime tyd agter dat as hy hier by die huis is, is hy altyd haastig terug koshuis toe. Dié aand met huisgodsdienste, vra ek toe wat fout is. Gelukkig het ons 'n oop verhouding... Daarna het ons gebed en gaan slaap." Die saak word nie weer opgehaal nie. Deur die gebruik van Christelike geloofstaal word die storie herskryf en in geval van twyfel, word die twyfel uit die weg geruim deur geloofsverbintenisse wat eindig in saambid. Hierdie idees word gedeel om aan te sluit by my studiedoelwit om ander persone in hulle lyding te help om hulle stories te herskryf deur waar relevant van geloofstaal gebruik te maak.

Connie stel later vir haar 'n lys positiewe dinge op. Sy sê onder andere: "Herprogrammeer jou brein... jy kan dit regkry. Natuurlik met die hulp van bo (hulp van die Here –my verduideliking). Jy kan dit nie sonder die Here doen nie. Ek weet nie meer hoeveel keer ek op 'n dag bid nie, want ek praat voortdurend met Hom."

Sondag 2 Januarie 2000 beleef sy 'n vredevolle dag. Hoe het sy dit reggekry? Sy vertel: "Ek sweef deur die huis. Op vlerke van geluk en vrede. Deur die kragvolle geloofsinspuiting. Deur nie my kamer in die oggend te verlaat voordat ek krag vind deur voorlesing en gebed nie." "Nee, dit gaan nie altyd goed nie en jou geloofsvlerke laat jou partykeer in die steek, maar as jy Hom toelaat, tel Hy jou elke keer weer op en gee jou nuwe krag." "Dankie,...dat u my nader na God gelei het..." Sy moedig ook ander wat swaarkry aan met die woorde: "Vra elke dag vir die Here krag om jou las met blymoedigheid te dra en sodoende stof te skop in die Satan se oë..."

Nie alleen word die dominante verhaal in sy geheel deur Christelike geloofstaal herskryf nie, maar ook die kleiner onderlinge verskille of marginaliserende verhale word deur die gebruik van Christelike geloofstaal aangespreek. Onderlinge sorg in

die gesin, is sorg wat gebaseer is op Christelike geloofstaal. Die liefde van God en vir God vorm die basis van alle gesprekke en hierdie liefde word op verskillende maniere versterk en die gesinsgenote word voortdurend daaraan herinner. Hierdie geloofsgemeenskap is belangrik vir die gesin. Hierdie geloofsgemeenskap vind nie net plaas in die eredienste en ander formele aktiwiteite nie, maar ook in die informele kring en deur elke individu se eie geestelike opbou/stiltetyd.

Parkinsonsiekte raak soveel fassette van Connie se lewe. Die eerste keer dat ek en Connie met mekaar te doen gekry het, was meer as 4 jaar gelede en toe het sy reeds haar alternatiewe verhaal deur die gebruik van Christelike geloofstaal herskryf en dit het haar die afgelope 4 jaar staande gehou. In 'n baie onlangse telefoon-gesprek (24 Mei 2003) het Connie bevestig dat die Here deur wonderwerke nie net haar gemoed verbeter het nie, maar kan sy weer melktert bak en haar normale pligte nakom. Sy sê dat sy nou baie meer vermag as 'n jaar of twee tevore en dat sy weer inskakel by die gemeente se aktiwiteite. Sy neem ook van die ander verantwoordelikhede op die plaas oor. Sy sê dat sy nie eens meer die horlosie dophou om te sien wanneer dit weer tyd is vir die medikasie nie. "Die Here het my vrees besweer en ek leef weer voluit."

Die gebruik van Christelike geloofstaal is nie 'n korttermyn-oplossing vir 'n langtermyn siekte nie. Uit die opvolggesprekke is dit telkemale bevestig en is ek daarvan oortuig dat daar vir ander persone ook baie waarde geleë is in Christelike geloofstaal. Dit wat ek by Connie ervaar het, word keer op keer deur ander lidmate bevestig en kan ek met redelike sekerheid sê dat Christelike geloofstaal en die gebruik daarvan helingswaarde vir Christelike geloofsgemeenskappe sowel as die samelewing het. Daar is uiteraard ook persone wat dalk 'n ander storie as 'n Christen-storie het en hulle sal in hul eie geloofstaal waarskynlik net soveel terapeutiese ondersteuning kry. Geloofstaal het dus 'n rol te speel en vervolgens word gekyk hoe geloofstaal se rol in praktiese teologie en pastoraat kan wees.

5.3 Connie se Christelike geloofstaal, praktiese teologie en pastoraat

My medenavorser bevestig net weer dat praktiese teologie 'n poging is om God se heil, sy helpende hand na die mens in nood sigbaar te maak.

Pastorale terapie as die 'doen-arm' van praktiese teologie, wil in sy gesprek die ontmoeting tussen God en mens op 'n praktiese verhoudingsvlak, binne die lewenswêreld van die individu laat gebeur. Connie begin nie 'n dag sonder 'n ont-

moeting met God nie. Louw (2000:35) beskryf 'n ontmoeting met God as volg: "... dat daar tussen God en mens 'n wedersydse en wederkerige *kontak* en *dialoog* bestaan. Ontmoeting wil ook sê dat God *betrokke* is by menslike nood en dat Hy Hom met ons lyding *identifiseer*." (Sy klem). Connie het in die praktyk van haar elke dag se lewe gewys hoe die ontmoeting met God kan gebeur en watter helende krag in hierdie ontmoeting geleë is en hoe in hierdie ontmoeting die krag na vore kom om haar alternatiewe storie te skryf.

Praktiese teologie is denke binne die senupunte van genade en menslike nood; dit is die ontmoeting binne die sinapse van God se liefde en mense se soeke na sin en identiteit (Louw 2000:1). Praktiese teologie wil kanale skep om die helpende hand van God tot by die individu in nood te laat uitstrek. Connie illustreer deur Christelike geloofstaal hoe sy keer op keer beleef dat God sy hand na haar uitsteek.

Praktiese teologie wil geloof in God verstaanbaar maak in die lig van die Skrif, in die lig van tradisie en in die lig van die konfessie van die Christelike kerk (Louw 2000:2). Praktiese teologie as hermeneutiek wil die betekenis en relevansie van die evangelie vir die mens in sy wêreld verklaar, sodat die mens in sy verhouding nader aan die Here God kan groei. Connie vertel self dat sy in haar verhoudings nader aan God gegroei het.

Pastorale terapie, 'n sub-vakdissipline van praktiese teologie, word beskryf as "... daardie benadering wat ... lewensvraagstukke sinvol vanuit die Christelike geloofsperspektief wil aanspreek." "... wil aan mense hulp verleen en hoop bied vanuit die oortuiging dat God se trou die inhoud van die geloof is en dat God sy beloftes aangaande die heil van die mens in Christus se kruis en opstanding vervul het ..." (Louw 2000: 2). Pastorale terapie "... wil God se wil in terme van die vraag na die sin van die lewe ... vertolk sodat mense met vreugde en hoop kan lewe" (Louw 2000:2) (sy klem).

Dankbaar het ek persoonlik gesien hoe Connie bogenoemde fassette beleef en hoe sy dit in Christelike geloofstaal verwoord het. Die heil van Christus het vir haar krag gegee in haar stryd teen die "Hartseersiekte", sodat sy nie net staande gebly het nie, maar besig is om die stryd teen hierdie vernietegende siekte te wen. Sy kan weer met vreugde en hoop haar lewe voluit leef, al beperk die siekte haar mobiliteit.

In die woorde van Gerkin (1986:72): "Seen hermeneutically, ... our action (the carrying forward of our stories) and our appropriation on the ongoing Christian story of God's action will facilitate the process of our praxis (practice of life) becoming Christian praxis."

Aan my medenavorser kan ek net sê: "The purpose of Christian praxis is to enable us to move ahead in our individual and corporate lives under the guidance of the Christian story of who we are, who we are called to be, and what the God of that story is bringing about." (Gerkin 1986:74). Connie I salute you!!!

5.4 'n Nawoord

Die Christelike diskoers rakende heling van noodlydendes is in die verlede en hede oor 'n wye veld negatief benoem en afgemaak. "Verdrukker", onkundig, selfgeregtig en arrogant is slegs enkele van die afbrekende metafore wat die rondte doen (Sykes Wylie 2000:29). Ek aanvaar die kritiek lig waarheidsmomente uit.

Hierdie studie dien egter myns insiens as 'n oortuigende fragment van die ander storie. Die storie wat die helende en versorgende waarde van die Christelike diskoers in noodlydende mense se lewens positief verhaal. Sykes Wylie (2000:60) verduidelik my vorige sin helder:

"Passionate Christians – who do not have to be evangelicals or conservatives - are in the very best sense godbesotted; they don't just believe that God loves them, knows them, protects them always and forever, they feel it to the center of their being. It is as much a part of their lived experience as their heartbeat. The Christian counselor who can tap into this kind of spirituality and convey it to the client has a very powerful therapeutic resource. The impossible paradox, so hard to fathom by the unbesotted, is that the worst of times, under the most grueling miseries and greatest abuses, Christians still feel they are watched over by a personal God, held in the arms of a father, both human and divine, who loves them personally and individually with a love beyond human understanding."

5.5 Navorsingsuitkomst

Die uitkomst van hierdie studie is beskikbaar vir die betrokke kliënt, maar ook vir terapeute, sodat Christelike geloofstaal en die gebruik en impak daarvan, enersyds erken sal word. Andersyds kan die gebruik van Christelike geloofstaal veral deur narratiewe terapeute, gebruik word as "members" in die herskryf van dominante stories in die lewens van noodlydendes wat worstel met die dominante stories.